



Tydskrif vir letterkunde

Februarie 1970
Nuwe Reeks VIII:1

A faint, light gray watermark of classical architecture is visible in the background. It features a series of four columns supporting a horizontal entablature, with a triangular pediment above. The entire structure is set against a dark, textured background.

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_xqg

Tydskrif vir Letterkunde

Redakteur: Coenie Rudolph

Skakelredaksie

J.J. Brits - W.A. de Klerk - André Demedts
B. le Roux - Joan Lötter - Koos Meij
Eben Meiring - Mie-jeanne Moelaert - P.J. Nienaber
Z.J. Pretorius - P.D. v.d. Walt - M.M. Walters

REDAKSIE-ADRES:

Die Redakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria.
L.W. Ongebruikte kopie kan slegs teruggestuur word
as medewerkers 'n gefrankeerde koevert ingesluit het.

ADMINISTRATIEWE ADRES:

(vir intekening, sirkulasie en advertensie)
Tydskrif vir Letterkunde, Posbus 1758, Pretoria.

INTEKENGELD: R3 per jaar.

Los nommers: 75 sent per eksemplaar.

L.W. Skole word versoek om direk by bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van:

DIE DEPARTEMENT KULTUURSAKE

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDSRAAD

aan die Afrikaanse Skrywerskring

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word,
is nie noodwendig ook menings van die redaksie nie.

Tipografie, druk- en bindwerk deur
Wallachs' D. & U. Mpy Bpk, Pretoria

Inhoud

<i>Mededeling</i>	Vertalings van Belgiese werke
<i>Redaksioneel</i>	'n Nuwe adres vir Tydskrif, 1
<i>C.F.R.</i>	In gesprek met Chris Barnard (skrywer!), 2
<i>Abel Coetzee</i>	Oom Harm Oost, 13
<i>Chris Barnard</i>	Herfs by Fontainebleau, 15
<i>Mie-jeanne Moelaert</i>	Eerst, of voor altijd, 22
<i>Hélène Kesting</i>	Twee-twee in die tabaksakkie, 23
<i>A. Kloppers</i>	Tweeling, 29
<i>P.A. du Toit</i>	Kersnag(droom), 31
<i>Johannes du Bruyn</i>	Die kind, 35
<i>Julien van Remoortere</i>	Hier komt het niet, 38
<i>N.A. Liebenberg</i>	Vir die naasbestaandes . . . , 52
<i>Vincent v.d. Westhuizen</i>	Landskappe deur 'n donker bril, 54
<i>D.H. Steenberg</i>	Die skeppingsmotief in Opperman se <i>Dolosse</i> , 56
<i>U.M. Gerryts</i>	Daar is nog een wat sing, 67
<i>A. Boerop</i>	Grootword, 69
<i>Frans Pointl</i>	Kinderverdriet, 70
<i>R. van Tonder</i>	Myrnamp, 73
<i>Ou Grietjie</i>	Skyfies, 74
<i>F.I. Durand</i>	'n Naam, 75 <i>Fourie's Dood</i> , 75

MEDEDELINGE

Ons het die volgende mededeling van die Belgiese Ambassade ontvang:

Hierby het ek die eer om u mee te deel dat die Belgiese Departement van Nasionale Opvoeding en Kultuur vertalings uit Nederlands of Frans in Engels of Afrikaans van letterkundige werke van Belgiese skrywers wens aan te moedig.

Die Minister van Kultuur kan twee vorme van steun verleen:

1. 'n Aanmoediging vir die vertaler van ongeveer 100 Bfr=R1,40 per bladsy van die vertaalde boek tot 'n bedrag van 20.000 Bfr=R285.
2. Aankoop van 'n paar honderd eksemplare (dit hang af van die prys) wat by die vertaler bestel sal word.

Die voorwaarde is dieselfde vir 'n tydskrif wat 'n nommer geheel of gedeeltelik aan die Vlaamse of Franstalige letterkunde van België, of albei, wy.

Dit is die verantwoordelikheid van die vertaler om sy werk gepubliseer te kry. Vanselfsprekend is hierdie aanmoediging slegs bedoel vir letterkundige werke van waarde, wat nog nie in die betrokke taal vertaal is nie.

Dit is dan ook die beste dat 'n vertaler, wat hom hierop wil toelê eers met my hieroor by die Ambassade van België in verbinding tree.

(Get.) Prof. Dr. Wilfried de Pauw
Ambassaderaad

Ambassade van België
Pomonastraat 275
Pretoria

Redaksioneel 'n Nuwe adres vir Tydskrif

Met die oog op doeltreffender skakeling tussen redaksie en administrasie en weens die feit dat *Tydskrif* se vernaamste borg se administratiewe kantore tans na Pretoria verskuif is, het dit noodsaaklik geword om redaksie en administrasie te sentraliseer. Intekenare moet asseblief let op die nuwe administratiewe adres.

Ons is dankbaar dat mnr. V.C. Wood van *Lantern* so uiters gasvry was om ons onderdak te verskaf tot tyd en wyl finale reëlings getref kan word.

Aan mnr. Jan Victor en mej. Stella Victor intussen 'n voorlopige woordjie van dank vir die baie jare wat hulle die sakesy van *Tydskrif* behartig het.

Regstelling

Tot ons spyt het die artikel '*n Biblioteekfilosofie* (2) in *Tydskrif* VII, 3, bladsy 78 per abuis onder die naam van P.P. van der Merwe verskyn. Die skrywer is J. Bekker.

C.F.R.

In gesprek met Chris Barnard (skrywer!)

Hy is die skrywer, ja. Nie die hartman nie. En hy is jonk. En as ons die koerante kan glo - 'n Sestiger. Maar hy het my al dikwels verbaas deur sy geestelike „ouderdom”, sy begrip van die mens en sy insig in menslike dryfvere. En oor die Sestigerstorie sal hy maar net glimlag en vra: maar wat is 'n Sestiger? Wat word alles onder dié kombers toegemaak? Hy het al verskeie letterkundige prysverower, maar hy bly die nederigheid self. Hy woon in Johannesburg maar ontvang jou met die rustige hartlikheid van 'n boer wat weet waar sy plaas se grense lê. Later as hy praat oor die Oos-Transvaalse Laeveld besef jy vanwaar hierdie landelike rustigheid, hierdie fyn gekultiveerde boersheid kom.

Tog is hy nie 'n man van ooglopende kontraste nie. Eerder 'n man uit een stuk, 'n eerlike en pretensieloze mens wat homself sonder opsmuk aanbied soos hy is. En dit is ook die kenmerke van die kunstenaar, want mens en kunstenaar verkeer hier in gelukkige harmonie.

Sy tuin en swembad is netjies en goed versorg. Anette, sy vrou, verdien miskien die krediet daarvoor. En laat ons haar nie beroof van wat haar toekom nie. Sy het haar hande oorgenoege vol met die twee witkopseuns. Soos dit hoort voer dié twee 'n lewendige bestaan. En as dit te lewendig word en die grensbotsings dreig, is dit Chris wat rustig gaan verneem wat skeel, en wat met patriargale wysheid en kalmte die vrede weer laat neerdaal.

Daar mag nou lesers wees wat met akademiese preutsheid beswaar maak oor die persoonlike aksent. Maar nou weet ek hy gee nie om nie, want nog onlangs het hy dit betreur dat die skrywer as mens uit ons letterkunde verdwyn het. Nie dat hy foutvind met die akademici se ramkietjie nie. Dié is ook nodig. Maar die duisende potensiële lesers kan nie die letterkunde liefkry as kritici en resensente proefskrifte skryf nie.

Ek en hy en Jan Spies het al op 'n reënnag in 'n rondawel gesels tot die kersie in die blaker en die goeie sap van die wingerd albei begin op-raak het. En op so 'n nag verdwyn die rubriek en etikette, die leë lof-

tuitinge oor deurbraake en die skewe skimpe oor letterkundige skandale. So praat-praat neem die moeisame skeppingsdaad en die ongevraagde skrywerskap 'n dimensie aan wat in ons land te selde genoem word: die aanvaarding van 'n verantwoordelikheid om uit die dikwels dwase menslike lewe soveel sin en waarheid te haal dat dit ons tot rekenskap en herwaardering dwing. Oor so iemand skryf mens later liefs sonder 'n akademiese maatlyn.

Sy studeerkamer is 'n buitekamer, agter die huis. Kleinerig, nie groot nie. 'n Skildery teen die muur, 'n paar maskers, 'n kaart, en 'n komieklike houtbeeldjie. As hy oor die beeldjie praat, herken jy dadelik die man wat sy land en sy mense ken. Sy skryfwerk hou hy netjies in lêers in 'n staalkabinet. Hy is 'n metodiese werker. As hy begin aan 'n werk, beplan hy in besonderhede hoe die intrige sal verloop. Hy beplan die slot en die slotsom van die verhaal. Al wyk hy later af, verloor hy nie koers nie. As hy eers begin skrywe, werk hy saans gereeld van halfagt tot middernag se kant tot die werk voltooi is. Dis 'n program, 'n vaste roetine waaraan hy hom hou. Tog beweer hy dat hy lui is. En skrywe is nie 'n piekniek nie. Dis werk! Maar hy doen dit!

Ons sit nou in sy studeerkamer. Sy sigaret brand en ons kan oor die letterkunde begin gesels. So tussen die gesels deur gee hy my 'n yslike dik boek aan. Dis Jung se *Man and His Symbols* waarvan hy tans 'n studie maak.

Chris, aan die einde van 'n dekade, en veral hierdie dekade in ons letterkunde, wil ek graag verneem wat jou oordeel is oor jou eie en ander skrywers se werk in die tydvak wat verby is.

Ek sou nie graag dáároor 'n mening wou uitspreek nie want dan is ek maar net nog een van soveel wat 'n eie opinie uitspreek, en 'n opinie wat gekleurd is deur allerlei persoonlike en subjektiewe oorwegings; dit is dus so relatief soos maar kan kom. Dit geld ook vir 'n uitspraak oor my eie werk, alhoewel ek voel dat ek oor my eie werk 'n opinie durf hè. Maar ek weet nie of ek dit oor iemand anders se werk durf hè nie.

Chris, het jy met jou studie van Jung se werk ná *Duiwel in die Bos* begin of daarvoor?

Daarna. Dit is huis as gevolg van dié verhale wat ek begin belangstel het in die droom.

Is die verhale almal op drome baseer?

Wel, in mindere of meerdere mate almal, ja. Party is net drome.

As jy nou 'n terugblikwerp oor jou eie skryfwerk, dink jy dat jy gevorder het of nie?

Ja. Ek het begin skryf in 1955. Kyk, ek was in die Laeveld groot geword, ek ken die Laeveld baie goed, sy bome, sy veld, daardie spesifieke soort Afrika, dus 'n soort subtropiese wêreld en 'n wêreld waarvan die Bantoe 'n onafskiedbare deel is.

Is dit nou net Nelspruit?

Nee, Nelspruit en Mosambiek. Kyk, ek was twee, drie keer 'n jaar in Mosambiek gewees en ek ken die deel baie deeglik. Toe ek begin skrywe het - gedigte, sketse, kortverhale - het ek gedink dat as ek ooit oor iets anders moet skrywe as die land wat ek ken, sal ek nooit skrywe nie, omdat daardie die enigste wêreld is wat my interesseer; al kon ek nog nooit die streek definieer en sê waar sy grense lê nie.

Is dit nou die wêreld soos jy hom omlyn het in die skets in *Son op die Land*?

Ja. Maar toe ek nou begin skrywe en aanhou skrywe, het ek al hoe verder weg beweeg van dié wêreld. Die eerste boek wat ek gepubliseer het, nl. die *Houtbeeld*, speel af in 'n wêreld wat vir my heeltemal onbekend was toe: die wêreld van die Kleurling.

Die wegbeweeg van die bekende wêreld het dus nie tred gehou met jou ervaring nie?

Hoegenaamd nie. *Bekende Onrus* het egter vasgehou aan my wêreld omdat dit darem gegaan het oor jeugindrukke van mense wat ek geken het, terwyl *Houtbeeld* dit glad nie gedoen het nie. *Man in die Middel* het dit nog minder gedoen. *Man in die Middel* het in 'n stad afgespeel en is geplaas binne 'n kleursituasie wat ek glad nie geken het nie. Daarna het ek nog verder weg beweeg na 'n wêreld wat net met die idee te doen gehad het. In *Dwaal* is die idee die hoofsaak. Maar nou gedurende die afgelope twee jaar is ek besig om terug te gaan na die wêreld van my jeug. Die roman wat ek bv. nou skryf, speel in Mosambiek af. Dit is geplaas binne 'n atmosfeer wat ek so goed ken soos geen ander nie. In *Duiwel in die Bos* is die terugkeer reeds aanwesig deur die Afrika-verhale wat dit bevat, maar dit lyk my die terugkeer beweeg op twee vlakke. Eerstens is daar die uiterlike wêreld wat die Laeveld is, die subtropiese wêreld en in die tweede plek is daar die innerlike wêreld wat niks te make het met omgewing, klimaat en temperatuur nie. Nou *Duiwel in die Bos* is vir my, ná *Bekende Onrus*, my eerste boek waarin ek weer teruggaan na die innerlike wêreld wat ek goed ken. Ek vind dat ek in my skrywe al hoe meer

in myself in terug beweeg. En al hoemeer terug beweeg in die wêrelد van my jeug.

Sou jy dit outobiografies wil noem?

Nee, ek weet nie presies wat word bedoel met outobiografies nie, want in sekere opsig is elkeen van die verhale van *Duiwel in die Bos* 'n verhaal oor myself. Dit is dus outobiografies, maar dit het nie te make met ervarings en situasies waarin ek my bevind het nie. Maar dit handel tog oor myself.

Is dit ervarings waarvan jy weet?

Dis drome. En dis drome wat uit my uit kom en uit niemand anders nie. Dis drome wat gegroeи het uit 'n hele ervaringswêrelд. Uit 'n hele dertig jaar se ervaring.

Of uit onbewuste indrukke?

Onbewuste indrukke, ja. Of iets soortgelyks. Nou voel ek dat in hierdie nuwe roman waaraan ek werk, kry ek dit reg om daardie uiterlike wêrelд met die innerlike wêrelд te kombineer soos wat ek dit gedoen het in sekere verhale in *Duiwel in die Bos*, bv. in die verhale *Bos* en in *Die dood van Julika von Schwabe*. Ek dink dit is die belangrikste ding wat ek die afgelope tien jaar reggekry het. Om myself te ontdek, in daardie opsig. Die ooppad wat ek geloop het met vyftien jaar se skryfwerk het my nou weer by myself uitgebring. En nou besef ek vir die eerste keer dat jy eintlik nie kan skryf as jy nie oor jouself skryf nie. As jy begin skryf oor dinge wat jy vermoed, dinge waarvan jy lees of dinge waarvan jy hoor - jy kán nie daaroor skryf nie. Op die ou einde kan jy net oor jouself skrywe. En elke werk is dus in 'n mindere of meerdere mate 'n outobiografiese werk.

Waar plaas jy *Boela van die Blouwater*?

Ja, ek weet nie. *Boela* was vir my 'n storietjie wat ek geskryf het omdat dit vir my lekker was en ek wou niks daarmee probeer sê nie. Ek ken die see redelik goed maar ek moet sê dat ek dit eintlik leer ken het nadat ek *Boela* reeds geskryf het. Maar dit is gebaseer op indrukke wat ek in 1960 opgetel het toe ek drie weke lank in die Kaap by die Strand was.

Moet 'n goeie skrywer nie soms net die teuels los en 'n goeie storie vertel nie?

Ja, maar ek dink jy kan net 'n goeie storie vertel as jy 'n storie vertel oor dinge wat jy werklik ken. Alhoewel die teendeel seker ook al bewys is. Sommige skrywers het al fantastiese stories oor die ruimte geskrywe wat hulle tog glad nie geken het nie!

As jy nou 'n verhaal skryf - het jy ooit 'n gevoel vir die leser, het jy hom in die aandag? Het jy 'n bepaalde publiek voor oë?

Ek sal nie sê ek het 'n bepaalde publiek voor oë nie.

Maar by *Boela* het jy dit tog gehad!

'n Bepaalde publiek, ja. In dié opsig dat dit vir 'n jeug was, maar nie 'n spesifieke soort jeug nie. Ek hou nie van die woord *bepaalde* nie; en as ek sê ek hou nié my leser in die oog nie . . . ek glo nie 'n skrywer kan sê hy hou nie sy publiek in die oog nie, want hoekom publiseer hy dan? 'n Mens publiseer huis om 'n publiek te bereik; maar ek glo nie jy durf daardie publiek gaan bepaal en sê ek skryf net vir dié of daardie nie.

Maar jy is ook joernalis en jy skryf in *Die Huisgenoot* bv. 'n bepaalde artikel. Nou wéét jy tog (by al die amorfse aspekte wat so 'n publiek kan bepaal en waaroor jy geen beheer het nie) dit is vir lezers van *Die Huisgenoot* en nie vir lesers van *Standpunte* bedoel nie. Maak die wete hiervan jou artikel nie meer suksesvol nie?

Kyk die uitdaging van 'n tydskrif soos *Die Huisgenoot* is dat jy jou artikel so moet skryf dat jy sowel leek as kenner moet interesseer.

Is dit die norm wat jy vir jouself stel?

Ja. Dit is die norm wat 'n goeie joernalis stel. En ek beskou dit as 'n baie goeie skool vir myself as skrywer, ook in 'n ander opsig: om by materiaal wat jou persoonlik glad nie interesseer nie tog onder die vel van daardie materiaal in te kom en dit vir ander mense interessant te maak. Dit dwing jou ook om met sekere dinge kennis te maak waarby jy andersins sou verbygaan. Jy kry as joernalis dus die geleentheid om aspekte van die lewe te leer ken wat jy andersins nooit sou geken het nie. En wat meer is: jy word 'n salaris daarvoor betaal!

Maar hoe hou jy die publiek by die skryf van so 'n artikel in die oë? Is daar nie vir die skrywer van die literêre werk iets te lere nie?

Ja, maar kyk, die taak wat jy vir jou as joernalis stel, is om 'n saak wat jou leser nie ken nie in die eerste paragrawe so interessant moontlik voor te stel. Daarna moet jy so eenvoudig en duidelik en onderhouwend as moontlik vir hom soveel moontlik van daardie saak vertel. En as jy dit reggekry het, het jy 'n goeie artikel geskryf. En ek dink hierdie selfde vereistes geld ook vir die skrywer van fiksie.

Is dit waarom Guy du Maupassant, soos die legende dit wil, 'n half miljoen woorde aan inleidingsparagrawe bestee het voor hy sy eerste verhaal gepubliseer het?

Ja, ek het die storie ook gehoor. Jy weet daar is een ding wat met my gebeur het, wat nou nog vir my 'n les is. Die heel eerste kortverhaal wat ek in my lewe geskryf het, het ek vir *Die Huisgenoot* gestuur. Toe kry ek 'n brief van hulle terug, 'n baie vriendelike briefie waarin hulle vir my sê hulle lesers hou van iets wat interessant geskryf is, wat boei. As jy jou leser verveel, kan jy nie verwag hy sal jou storie lees nie. En as ons nou na die lees van 'n volle foliovel nog net weet die hond sit onder die boom, dan sal geen leser ooit verder lees nie. Daardie brief het ek nou nog hier op lêer. En dit was my eerste groot les en waarskynlik van die belangrikste skryflesse wat ek ooit gehad het. En dit is 'n ding waarvoor ek vandag nog verskriklik bang is en met elke sin wat ek skryf, onthou ek dit: jy moet boei, jy moet jou leser geïnteresseerd hou. Jy moet hom veral van die begin af geïnteresseerd hou. Dit help nie dat hy eers van die helfte van die boek af begin belangstel nie. As jy hom na die eerste drie paragrawe geïnteresseerd het, sal jy hom die heel pad saamvat.

Maar dan sal dit ook die styl raak! En nou is daar huis vir my 'n probleem. Ek merk in sommige van jou verhale (of miskien is dit 'n Sestiger-neiging) dat jy sekere frase herhaal en dit weer herhaal sonder dat daar oënskynlik 'n funksie vir die herhaling is.

Ja, ek is bewus daarvan dat ek in sekere verhale en ook in *Pa, maak vir my 'n vlieër* van herhaling gebruik gemaak het, omdat ek glo dat 'n mens as jy dit reg hanteer, 'n sekere effek daarmee kan bereik wat jy op geen ander manier kan bereik nie. Maar dit is 'n geweldige moeilike ding om reg te doen. En as jy hom nie reg doen nie dan bereik jy eintlik net die teenoorgestelde effek.

Dis dan iets wat jy doelbewus aangewend het om 'n effek te bereik? Ek bedoel nou nie mooiskrywery nie. Die skrywer skryf altyd om 'n effek te bereik.

Ja. Jy wil sekere dinge bereik.

Is dit 'n bepaalde uitwerking of reaksie?

Ja, jy wil die leser bereik.

Iets wat nou hierby aansluit: In hoeverre is die kunswerk 'n kontrole van die leser se reaksie?

Wel, dit is dit van begin tot einde.

Strewe jy daarna?

Ja. Die leser daar word, terwyl jy skryf, vervang deur jouself. Dit is natuurlik baie moeilik en gekompliseerd maar ek dink dit is baie belangrik

dat 'n skrywer presies weet hoe 'n leser sal reageer op sê maar 'n sekere sin. Gedagtig aan so 'n spesifieke reaksie bou jy dan verder.

Jy het hier natuurlik nou 'n intelligente leser in die gedagte, jy bedoel nie enige een nie.

Ja, maar kyk ek het net nou gesê ek skryf nie vir 'n spesifieke gehoor nie. En dit lyk my dit is tog nie reg om dit so te stel nie, want die dinge wat ek wil sê, is uit die aard van die saak dinge wat tog net iemand met 'n sekere intelligensie sal interesseer, m.a.w. wanneer ek skrywe, aanvaar ek dat my leser 'n sekere intelligensie sal hê.

Bewustelik of onbewustelik kies jy dus 'n bepaalde peil?

Ja. Jou werk kies dit vir jou. Wat jy sê, kies dit vir jou.

Is daar nie ook 'n wisselwerking nie? Jyself is leser, ontvanger van die boodskap, wyl jy skrywe. As jy sê die werk kies self die leser, impliseer dit tog dat jy skryf daarna.

Ja: Maar ek weet nie hoe 'n skrywer dit rellig kan doen nie.

Maar kyk: as jy vir die radio skryf...

... Ja, maar dis nou jou medium wat hier ter sake kom. Jy skryf nou vir 'n koor.

Al is jou radiopubliek baie meer amorf as die intekenare van 'n tydskrif?

Ja, maar ek maak geen toegewings daarvoor nie. Ek maak geen toegewings en sê ek skryf nou vir 'n breër publiek nie. Ek gaan nie sit en sê: nou ja tant Sannie v.d. Merwe van Koekenaap die gaan ook luister nie. Byvoorbaat besluit ek dat ek haar nooit geïnteresseerd sal kry nie. Wat vir my belangrik is: ek sê wat vir my ter sake is, wat ek op die hart het. En gewoonlik probeer ek dit so duidelik moontlik sê. Dit is tog die uitgangspunt. Dit behoort die uitgangspunt te wees. Om dit so onduidelik as moontlik te stel, is futiel.

Met ander woorde as iemand jou beskuldig dat jy sommer maar wil snaaks wees, of duister skryf, dan is dit nie waar nie?

Ek skryf die beswaarmakers heeltemal af. Ek wil nie eers met hulle argumenteer nie. Die meeste mense wat sulke dinge sê, het nie my werk gelees nie. Ek bedoel gelees. En ek wil net dit byvoeg: wat die jonger Afrikaanse skrywer vandag te sê het, is in elk geval veel verwikkelder as die soort ding wat Jochem van Bruggen wou sê. Jy kan nie oor die kernfisika so eenvoudig skryf soos oor hoe om 'n koek te bak nie. Uiteraard is dit moeiliker om jou daaroor so duidelik uit te druk. En as die skrywer

se werk dan moeiliker is, is dit nie omdat hy dit wil of omdat hy moeds-willig is nie, maar dit is omdat sy materiaal dit vereis.

Daar was 'n verdere beskuldiging aan die adres van die Sestigers nl. dat hulle buitelandse modelle navolg. Het jy ooit agtergekom dat die buitelandse literatuur jou besonder beïnvloed?

Maar kyk, enige skrywer word beïnvloed soos enige ander mens deur wat hy gelees het! Dit mag dalk net wees dat die jonger skrywers baie wyer begin lees het. Verder moet ons onthou: boeke is tans baie makliker beskikbaar vir die Afrikaanse skrywer as dertig jaar gelede. Vandag kan jy vertalings uit omtrent enige taal in Engels lees as jy dan nie veeltalig is nie. Jy kan selfs vandag al baie werke uit die buitenland in Afrikaans lees. Ons is dus outomatis meer dikwels in verbinding met die werk van buitelandse skrywers. Dit is natuurlik waar dat ons aan die een kant deur die buitenland beïnvloed is, maar aan die anderkant is dit weer een van daardie uiters oppervlakkige waarnemings. Ek glo ook nie daar kan beswaar teen beïnvloeding wees nie, solank jy net daardie invloed verwerk. Maar baie sake wat beïnvloeding genoem word, is hoegenaamd geen beïnvloeding nie. As ek bv. skryf oor die mens van my tyd en 'n skrywer van Peru skryf oor die mens van sy tyd, dan skryf ons vandag wesentlik oor dieselfde ding. Maar toe Jochem van Bruggen oor die mens van sy tyd geskryf het soos hy hom geken het, het hy geskryf oor 'n baie unieke verskynsel - die armblanke soos ons hom kry in Suid-Afrika. As ek en 'n skrywer in Peru oor dieselfde ding skryf, is dit ons tyd wat ons beïnvloed het.

Die term „ons tyd“ is vir my effens vaag. Beteken dit nie miskien dat ons reeds met die massa-mens te doen het nie? - die gesiglose mens soos Etienne Leroux dit teken en wat dus eintlik orals eenders is.

Moontlik. As gevolg van die feit dat die wêreld so klein geword het, is dié mens orals dieselfde. Verskynsels wat kop uitsteek in Engeland, steek ook kop uit hier in Suid-Afrika en andersom. Verskynsels wat dan hier op my 'n bepaalde invloed het, het waarskynlik dieselfde invloed op die Westerse mens waar hy ookal mag wees en ons skryf dan vanuit daardie invloed. As ons reaksies dan eenders is, is dit die tyd wat ons beïnvloed het en nie 'n ander skrywer nie. Maar omdat ons in dieselfde dinge geïnteresseerd is, is ons ook meer geïnteresseerd in mekaar as skrywers. Dan begin ek kyk hoe iemand anders daardie probleem hanteer. Daar is dus tussen skrywers 'n baie groter mate van kommunikasie as dertig jaar gelede.

Chris, ons het onlangs 'n uiters interessante gesprek gehad oor die werke van die afgelope dekade wat moontlik nog sal voortbestaan. Sou jy op hierdie stadium kommentaar wou lewer oor die Sestigers as sodanig?

Dit is vir my baie moeilik, omdat as ek daaroor praat, praat ek gewoonlik op 'n uiters subjektiewe wyse. Ek kan my nooit los maak en as wetenskaplike of vakman daarna kyk nie. Ek kyk altyd as 'n skrywer daarna. Wat vir my van belang is, is tien teen een op die duur nie regtig van belang nie. Ek weet net een ding en dit is dat die sestigerjare eintlik net een werklike groot skrywer opgelewer het en dit is Etienne Leroux. En ek dink dit kan ek sê sonder dat die tyd my verkeerd sal bewys.

Hoe hou jy van sy nuwe werk?

Ek het *Isis* een keer vlugtig gelees en ek dink dit is uiters onregverdig as ek nou 'n mening daaroor uitspreek. Ek weet net: hy het 'n vlotheid in hierdie werk wat hy in geen van sy vorige boeke gehad het nie. Met vlotheid bedoel ek hier bloot verteltrant. Neem sy eerste twee hoofstukke. Die vliegrit na Spanje is 'n byna virtuele stuk skryfwerk, vertelwerk. Vroeër was dit altyd vir my of hy sukkelsukkel om te vertel, maar dit het hy in dele van hierdie boek baie goed reggekry. Oor die ander kwaliteite kan ek nie nou praat nie.

Kan ons nou terugkeer na die benaming Sestiger? Wat is jou reaksie daarop?

Nee, ek het nog nooit van die benaming Sestiger gehou nie, omdat ek nog nooit kon vasstel wat presies alles onder dié kombers toegemaak word nie. Ek weet nie presies wie is Sestigers en wat is 'n Sestiger nie. En ook nie wie is nie, en hoekom hulle dan nie Sestigers is nie. Ek voel ook dat ons veel meer van mekaar verskil as wat ons saamstem. Met party nie-Sestigers is daar baie sake waarmee ek dit met hulle roerend eens is, terwyl ek oor dieselfde sake heftig verskil van mede-Sestigers. Dolf van Niekerk is bv. 'n ewigheid ver verwyder van my af, en ek weer van De Vries af, en De Vries van Brink af, en Brink weer van Leroux af. Al wat ons eintlik gemeen het, is dat ons gaan soek het na 'n nuwe vorm en dat ons nuwe materiaal gaan ontgin het. Na die einde van die vyftiger jare was daar 'n wegbrek van die konvensionele vorm. De Klerk bv. het nog nie so ver weggestaan van Van den Heever nie. Wat vorm betref, was hulle eintlik in hoe mate dieselfde, maar na 1960 het die uitmekaarspat gekom. Dis eintlik al wat Sestiger was - 'n uitmekaarspat. En hoe kan jy so 'n uitmekaarspat onder een naam saamvat?

Het die nuwe manier van skryf nie noodsaaklik geword nie?

Kyk daar was nie meer veel ouer skrywers oor wat werke van belang geskryf het nie. Wie was daar naas Venter en De Klerk? Dit was Venter en De Klerk en Elize Muller, en dit was omtrent al. Maar jy het so pas gepraat van „n nuwe manier van skryf”. Dit klink vir my nie heeltemal reg nie. Dit is so asof ons almal besluit het om nou op 'n bepaalde manier te skryf, maar daar is nooit iets vooraf besluit nie. Elke skrywer het maar net besluit . . . nee, dit is nie eers besluit nie. Elkeen het maar omdat hy gaan soek het en 'n nuwe manier op die proef gestel het, op 'n unieke manier gaan skrywe.

Vloei dit nie voort uit 'n nuwe manier van kyk na die dinge nie?

Ja, dis waar dit vandaan kom. Die skryf - dis 'n gevolg, nie 'n oorsaak nie. En dis baie belangrik. Om vooraf te gaan sê: ek wil anders skryf, is absoluut sinneloos. Jy kyk anders na die wêreld; en omdat jy daardie wêreld anders sien as andere voor jou, is jou werk ook anders. Kyk bv. na Breytenbach. As jy met Breytenbach sit en gesels en hy vertel jou 'n storietjie, iets wat gister met hom in die groentewinkel gebeur het, dan is daardie storietjie as jy hom op band sou opneem en publiseer 'n *katastrofe*. Hy sien die wêreld soos ons hom in *Katastrofes* lees. Dis sy manier van na die wêreld kyk. As jy met Leroux gesels oor sy onlangse besoek aan die buiteland en hy vertel vir jou van die dingetjies wat daar met hom gebeur het, dan is dit net so goed of jy lees drie bladsye uit *Isis*. Hy vertel oor daardie wêreld soos hy dit gesien het, en skryf hy dit ook so. Toevallig is dit heeltemal anders as enige ander mens dit sien. En daarom is sy boek ook anders.

Die nuwe siening is nie byvoorbaat a-nasionaal of internasionaal nie?
Nee. Net persoonlik.

Dit lyk my die probleem is dat mense, sê na aanleiding van 'n sensasierig, of oor 'n sekere rebelsheid, nou vir 'n groep mense begin name gee. Julle het byvoorbeeld almal die etiket onnasional gekry, maar ek onthou nog hoe begeesterd jy was nadat jy die oorlogsmuseum in Bloemfontein die eerste keer besoek het!

Ja, maar ook daar verskil ons nou weer geweldig. Ek self kan net skryf vanuit my situasie in hierdie land. Omdat ek my onlosmaaklik verbind voel aan hierdie land. En die dinge van hierdie land is vir my van belang. Dit wil nie sê dat ek met alles saamstem nie, maar as mens heftig verskil, is dit juis net omdat mens omgee. As jy nie omgee of nie liefgehad het nie, sou jy nie die moeite gemaak het om te verskil nie. Nou is daar egter

ook skrywers wat anders daaroor voel, maar hulle is vry om te voel soos hulle wil. Ek ken elkeen van hierdie jonger skrywers persoonlik baie goed en nie een van hulle is anti-Suid-Afrika nie. Dit kan ek met 'n baie eerlike gemoed sê. Daar is van hulle wat hewiger as ek verskil oor sekere dinge wat in hierdie land gebeur, maar nie een van hulle is anti-Suid-Afrika nie. Ek praat nou van die wat in Suid-Afrika wóón. Oor die begrip nasional en die begrip Suid-Afrika sou ek verkie om van Suid-Afrika te praat, want dit is vir my ter sake. Die een is vir my van belang, die ander een nie.

Abel Coetzee

Oom Harm Oost

By die geleentheid van die onthulling van die gedenkplaat van die Afrikaanse Skrywerskring op sy graf, Pretoria, 25 Oktober 1969.

By so 'n geleentheid staan 'n mens skielik voor die ontdekking dat die Afrikaanse volk nog 'n onbetaalde skuld aan erkentlikheid af te los het teenoor 'n hele geslag Nederlanders - Noord en Suid, wat na ons land gekom het met 'n skat aan kunde en kennis wat ons goed te stade gekom het in die uur van ons nood, t.w. die tydperk van bedreiging met totale ondergang en verdwyning voor en regstreeks na die Tweede Vryheidsoorlog.

So duidelik soos 'n reënboog aan die hemel het die bedoeling van die Verenigde Koninkryk af te lees gestaan, dat jong manne orals vandaan in groot getalle vurig na die twee eertydse noordelike republieke gehaas het om te kom bystaan. Mens dink aan Leyds, Bok, Bosua, Zwarenstein, Kloppers, Bot, Van Melle, Van Schaik, Vaandrager, Arie van der Broek, Van Bruggen, Kamp, Lub - wie sal al dié name te boek stel?

Onder daardie manne was 'n jongeling uit die land van die Friese: Harm Oost.

Hy het hom dadelik met die Boere vereenselwig, en toe die bedreiging oorgaan tot gewapende stryd, het hy nie op hom laat wag nie, maar end uit die wapen gevoer.

En toe die bitterheid van die neerlaag agterna soos 'n bodemlose afgrond gegaap het waarin 'n volk vir altyd kon verdwyn, het Harm Oost (=Glansende Stryder) die pen van die joernalis opgeneem om enersyds opvoedings-, opheffingswerk te doen en vertroosting te bring, en ander syds om die voet dwars te sit in verset teen die poging om die Boer en sy saak te verneder, te verkleineer en uit te delg.

Ons vind hom saam met Preller by *De Volkstem*, later met sorg vir die bylaag *Die Boer*, wat uitloop op *Die Week*, wat op sy beurt uitloop op die oprigting van *Die Vaderland*, wat ten slotte uitmond in die omvangryke *Afrikaanse Pers*-onderneming met sy talryke publikasies.

Toe die Rebellie in 1914 uitbreek, sluit Harm Oost hom sonder ver-

suim aan by sy ideale volksman: C.R. de Wet, met die afskeidswoord aan sy vrou: „Jy sien my terug as vry man, of as 'n dooie!” Vir sy oortuiging het hy smadelik geboet in die Johannesburgse Fort, waar sy een oor grondig verwoes is en sy gesondheid geknak is.

Maar na vrylating en herstel gaan hy onverbete voort met die stryd vir Afrikaans.

Veral het hy 'n ope gemoed gehad vir die belang en welsyn van die Afrikaanse skrywer. 'n Oproep om hulp vir skrywers het altyd dadelik sy ruim bydrae gebring. Jarelank het die Afrikaanse Skrywerskring (werkgemeenskappe Pretoria en Johannesburg) gereeld by hom en mevrou Oost aan huis op Nuwe Hoop byeengekom om te beraadslaag en gesellig te verkeer. En toe die Skrywerskring sy kapitaalfonds stig, skenk Harm Oost onmiddellik sy Oudstryderspensioen daaraan, en in sy testament het hy nogeens 'n stewige nalatenskap aan dié fonds bemaak. Al dié redes het die Skrywerskring genoop om sy kapitaalfonds te doop: „Die Harm Oost-fonds”.

Harm Oost se verskyning as mens het drie kragbronne, wat spruit uit sy geestelike wesenstrekke.

Eerstens het hy hom volkome en sonder voorbehoud oorgegee aan en hom verenig met die Afrikaanse Boeremens. Hy het deur die jare geword soos een van ons self en sy reaksies op diep volksbewegings was die kenmerkende Afrikaanse reaksie. Vandaar dat hy op ons hoogseie Afrikaanse manier aangespreek is as „Oom Harm”. Dan dink ons daaraan dat „oom” eintlik beteken: „Hy woon in die huis van my grootvader”, d.w.s. hy is lid van die stamhuis, hy is ons man, hy is van ons eie vleis en bloed. En die manier waarop hy dit aanvaar het, het getoon dat hy begryp het ons bedoel dit as 'n eretitel - daarmee het hy geword een van die Afrikaanse adel, altyd op die voorpunt, altyd in die brandpunt, altyd by sy eie mense.

Dan het hy hom sonder voorbehoud - liggaamlik, geestelik en stoflik - oorgegee aan sy taak, oorgegee in diens van die waarheid soos hy dit gesien het. Hy het hom nie laat skrikmaak nie, en hy het nie teruggedien wanneer selfs die hoogste offer geëis is nie.

En laastens: Hy was volslae sonder baatsugtigheid, want in sy volksdiens het hy gestaan in die diens van sy God.

Wanneer ons nou byeen is om 'n plaas op sy rusplek te onthul, dan betuig ons daarmee dat ons raakgesien het dat Oom Harm Oost sy hele persoonlikheid op die spel geplaas het in diens van sy volk en sy God, en dat hy nooit vergoeding en verering gesoek, verwag of gevra het nie.

Juis daarom eer ons sy nagedagtenis.

Chris Barnard

Herfs by Fontainebleau

Eerlik gesê: ek wou nie gaan nie. Ek was eenvoudig net nie lús vir rondrits nie. Maar nee, dit moés dan nou. Die uitstappie, is daar aangevoer, was net wat ek nodig had. Ek word 'n regte marboet. Dis ongesond om so dag-in en dag-uit in 'n muwwe kamertjie te sit en vergaan.

Die drie van hulle was knaend.

Ek wis natuurlik waaroor dit éintlik gaan. Dit was nie soseer my heil en geselskap wat hulle laat aanhou het nie; dié was maar bloot 'n gerief-like halsbandjie. As ek nie wou mee nie, sou hulle die trein moes haal Fontainebleau toe, en op die koop toe nog die laaste myl of drie stap. As hulle my egter kon ompraat, sou hulle per motor kon gaan; ek was die enigste van ons vier wat behoorlik mobiel was.

Deels omdat ek dit wís, en skuldig gevoel het oor my gebrek aan hulpaardigheid, en deels ook omdat ek Fontainebleau nog nie geken het nie, het ek oplaas nolens-volens kopgegee.

Goed, ja. Ek sou saam. Dan ry ons sommer met my motor.

Hulle oordrewe vreugde het my net verder verleë gemaak.

Dit was die aand laat, en na nog 'n warm wyntjie en 'n soutkluifie is die drie daar weg. Ons sou mekaar die volgendeoggend sewe-uur in Rue de Vaugirard kry waar my motor geparkeer was. Ek kon hulle die trap hoor afgaan, verdieping na verdieping, geselsend. En na 'n ruk was daar die hol geluid van hulle voetstappe oor die binnehof. En toe was dit stil.

Ek het hulle vir oulaas verwens en my bed toe begewe.

Die volgendeoggend sesuur se kant het iets my wakker gemaak. Ek dink dit was 'n lawaai in die Spaanse meisie se kamer want 'n rukkie later het ek haar onbedaarlik hoor giggel en ek kon hoor hoe iemand haar kitaar van die grond af optel en met sy vingers 'n streep oor die snare trek.

Ek het opgestaan en by die venster uitgekyk. Dit was nog redelik donker en dit het fyn gereën en dit was koud.

Miserable dag, het ek gedink, vir 'n uitstappie; eerder 'n dag vir poësie en Händel-musiek en pannekoek. Maar sewe-uur het ek my reënjas aan-

getrek en afgegaan straat toe. Dit het nog steeds fyn gereën en die stad was toe onder die mis, maar ek het die drie langs my motor sien staan, saamgebondel onder 'n tamaai swart sambrel.

Eers het ek net die sambrel herken. Dit was die skryfster s'n. Sy was getroud met haar paraplu en op reëndae was dit moeilik om haar op straat mis te kyk. Sy was self aan die lang kant en sy had die gewoonte om haar sambrel hoog bokant haar kop te dra - so hoog dat sy gewoonlik in ieder geval maar natgereën het. 'n Mens het haar altyd blokke ver sien aankom; eers die groot, swart paddastoel wat oor die voetgangers se koppe aangedryf kom; dan, later, die skraal en lenige gestalte daaronder wat soos 'n koningin, grasieus, haar weg statig deur die skare baan.

Toe ek die hoë sambrel sien, wis ek dadelik dis hulle. Ek kon nou ook die skilder se groen trui en swart baard herken; hy was self maar 'n skarminkel van die eerste water en sy pyp se val rokie het lui onder die sambrel uitgekrul en in die mis en herfsblare weggeraak. Die derde een, die student, het agter hulle gestaan, teenaan hulle, sy groot kop half vooroor, asof hy 'n laaste uiltjie knip.

Die drie, so saam, so teenmekaar onder die wye sambrel, was 'n rare gesig. Die drie ou uitgespoeldes, só. Maar hulle was van my ras en hier in die vreemde was ons bloedfamilie. Vir die oomblik het ek vergeet hoe hulle my die vorige nag met mooi woorde en wyn gate in die kop gepraat het, my toeskietlikheid misbruik het. En so met die aanstap na hulle toe, oor die laaste paar tree, hulle gesigte skielik stralend in kolossale ontkenning van die petieterige weer, het ek hulle een vir een van nuuts af liefgekry.

Ons het gery. Hulle het die praatwerk gedoen en ek was tevrede om te luister - en te wonder wanneer ek eendag sou leer om soos hulle myself só onvoorwaardelik in elke nuwe oomblik in te werp. Hier was ons op pad Fontainebleau toe - hulle uitgelate soos jong vullens, ek vol broeiende selfverwyte: ek kon nou rustig in my kamer gesit en werk het; of beter nog: ek kon geslaap het, warm en salig en ongesteurd.

Maar dit nou tot daarnatoe.

Ons is die stad uit en onder 'n grys, lae lug in. Ek onthou die geluid van motorbande op nat teer en ek onthou hoe ek kort-kort die wasem van die windskerm moes afvee. Die skryfster het voor langs my gesit en die ander twee agter en die skilder se pyprook in die toe motor was later ondraaglik. Maar niemand het gekla nie. Ek onthou van een dorpie wat ons deurgegaan het: op 'n draai in die pad was daar skielik die paar kliphuisies en koeistalle en 'n allenige rooi brandstofpomp wat die grou misreën stoësyns trotseer.

Iewers het ons afgedraai; ek kan my glad nie meer die plek voorstel nie, maar ek weet ons is van die teerpad af en die laaste myl of wat het ons op 'n sanderige grondpad tussen die geel bosse deurgevleg.

Toe was daar die grys huis langs die pad waarvan die skilder ons vertel het. Die plek het aan sy skoonvader behoort, maar dié (glo 'n sukkelende makelaar) was iewers in Italië met vakansie en die huis was tot ons beskikking - vir dié dag altans.

Die reën het intussen effens opgeklaar en ons het die motor langs die huis ingestoot en ons sak met proviand geneem. Die skilder het sy pyp uitgekap en gestop en opgesteek en onder die yl rokie uit met 'n voetpad koers gekry, sonder 'n woord of 'n gebaar.

Ons het gevolg.

Waarheen ons eintlik op pad was het ek steeds nog nie geweet nie. En ek het gevra.

Daar is 'n groot oorkant teen die heuwels, het hy verduidelik. Ons sou daar gaan eet, ons goed daar los en dan die res van die kontrei beskou. Ek het nog steeds bedenkings gehad oor die weer, maar vir hulle het dit blykbaar nie saakgemaak nie.

Ek het ons probeer sien soos 'n buitestaner ons sou sien: die benerige skryfster met haar groot sambrel en haar swart rok en duur juwele; die bebaarde skilder met sy verslete groen trui en ewe verslete pyp; die rooi-kopstudent met die nimfoleptiese oë. En ek, vierde in die ry, die some van my langbroek reeds koud en swaar van die nat herfsgras wat oor die voetpad hang - 'n somber agterryer.

Wat daarná gebeur het, het met verloop van tyd al vaag geword in my geheue. Of nee, die dinge wat werklik gebeur het, het vaag geword; die dinge wat ek gevoel het, gedink het, myself voorgestel het - dié staan helder uit. En sekere waarnemings van klein en onbelangrike dingetjies.

Ons het die grot so teen nege-uur bereik; dis een van die onbelangrike feite wat bly vassteek het. Dit was 'n tamaai plek, eintlik - die grot. Dit had voorheen 'n wye bek, maar die bek is toegebou en daar is net 'n deur en twee vensters oopgelaat. Binne was dit donker en ons het vier kerse opgesteek wat die skilder saamgebring het. Ek onthou dat ek naby die een venster gaan staan het. Agter my het die ander drie gewerskaf en gesels en gelag, besig om die wyn en die brood en ander proviand uit te pak en te rangskik. Die kerse het nog nie goed gebrand nie en dit was donker met net die dans van effense lig teen die klipwande, en voor my die venster soos 'n smal, hoë herfsskildery: goue, nat bome en gras, en hier en daar 'n swart tak en die lug grys en swaar en morbied.

Ek en die skilder het uitgegaan, later, en gaan brandhout soek, maar

alles was clam en mosserig en ons vuur wou nie brand nie; al wat gebrand het, voortdurend, was die skilder se pyptabak.

Die ontbyt was gevolglik nie 'n waffersetse sukses nie.

Of dit die donker was en die kerslig, of die wyn, of die mislukte ontbyt, ek weet nie - maar die ander drie se uitgelatenheid het afgeneem hoe verder die dag gevorder het. Dit was asof die grys dag tog oplaas sy effek begin toon. Ons het later elkeen 'n kers geneem en die grot begin verken, skuifelend in die donker, van vertrek na vertrek. Ek onthou die vlammende hare en sproetgesig van die student, die kers naby sy wang gehou; en die skilder se skaduwee wat teen die onegalige wande langs glip, en die statige skryfster heel voor, haar gebeitelde gestalte regop soos die kers in haar hand, haar oorkrabbers soos twee vuurvliegies tussen haar hare.

Daarna het ons in die bos gaan stap. Die duidelikste indruk wat ek van die wandeling oor het, is die van ruimte en stilte en bome wat soos gepoetste koper in die middaglig gloei. Ons het agtermekaar gestap, en die grond was nat en vetterig en dit het begin koud word, maar iewers deur die grys lug was daar vir die eerste keer dié dag tekens van gedempte sonlig.

Toe, op 'n plek waar ek niemand sou verwag nie, het ek ineens tussen die bome en die geel gras 'n man op 'n stoel sien sit. Die skilder het hom blykbaar geken want die twee het mekaar glimlaggend gegroet en begin gesels. Die man had 'n spraakgebrek en ek kon nie 'n woord begryp van wat hy sê nie. Hy is aan elkeen van ons voorgestel en daarna het die twee 'n geruime tyd gesels en kort-kort gelag. Uit die enkele woorde wat ek hier en daar kon snap, het ek afgelei dit gaan oor 'n meisie. Maar later was iemand se siekte ter sprake en ek het gemerk die man beduie kort-kort na agtertoe. Ek het in die rigting gekyk waarheen hy wys en toe eers die swierige maar vervalle koperbed gewaar, tussen die wilde, goue struikgewas, en effens links daarvan 'n hut.

Toe ons later verder stap het die skilder verduidelik dat die man sy lewe lank al op die stuk grond woon en dat sy vrou bedlêend is, jare al, en dag vir dag swakker word en seker kort voor lank sal tou opgooi.

Maar die meisie, wou ons weet. Was daar nie 'n meisie ook ter sprake nie?

Die skilder het glimlaggend sy pyp gekou. Die oubasie, het hy verduidelik, wou maar net weet of ons vanoggend die meisie teengekom het. Die nimf.

Die nimf?

Die skilder had 'n vreemde manier van stories vertel, altyd met horte en stote. En soms sou hy minute lank stilbly om eers sy pyp te stop en

behoorlik aan die brand te kry, dan sou hy verder vertel. Hy had 'n rare manier van dinge stel ook, en sy verbeelding was om die minste te sê vrugbaar - jy het nooit geweet hoeveel hy bylas nie. Maar hy het nooit van jou verwag om alles te glo nie; daar was altyd 'n glimlag in sy stem asof hy jou wil waarsku dat hy spek skiet.

Sy storie oor die nimf het ons dié middag stuk vir stuk gehoor.

Dit was glo 'n soort familielegende wat begin is deur die man met die spraakgebrek. Dié het van kleins af beweer dat daar 'n nimf in die bos woon, maar niemand behalwe hy het haar ooit gesien nie. Toe die skilder se skoonvader die stuk grond koop, het hy die legende van die nimf op die koop toe gekry - en in die familie het dit goedige evangelie geword. Almal het geglo sy bestaan. Of voorgegee dat hulle glo.

Sy het soms tussen die bome rondgedwaal, was die storie; haar klere was geskeur en sy was lank en blond en beeldskoon en sku. Vroue het haar nooit gesien nie, net mans. Vir vroue was sy onsigbaar. Maar die man wat eendag daarin sou slaag om haar vertroue te wen en met haar bevriend te raak, sou 'n hemel van karnale geluk binnegaan.

Dit was die soort storie wat op enige ander plek en dag onsinig sou klink, maar op dié dag by Fontainebleau, tussen die goue bosse, met die geroep van droewige voëls naby en ver en naby, het ons die storie geglo. En tussen die swart boomstamme was daar kort-kort 'n vreemde geritsel waarvan ons voorheen nie bewus was nie.

Ek onthou dat die student eenkeer vooruitgeloop het. Die skilder en die skryfster het geloop en praat oor die nimf, ek onthou nog die melankolie van hulle humor. En toe ons weer kyk, het ons die student sowat 'n honderd tree voor ons sien staan, besig om 'n dun paal, seker tien voet lank, op sy handpalm te balanseer. Ons het ons nie aan hom gesteur nie en maar aangestap, by hom verbygestap, en toe ek later omkyk, 'n kwart-myil verder, het hy nog nie van posisie verander nie; hy was soos 'n standbeeld, bene wyd, die linkerarm krom en agtertoe, die regterarm krom na vorentoe, die paal roerloos regop op sy hand.

Hy het ons eers baie later ingehaal.

Ons het met 'n draai teruggeloop, deur 'n laagtetjie waar daar minder bome was. En op een plek was daar 'n morg of vier oop veld met 'n wapad en 'n kampheining en 'n koeikraal. Ek kon die nat beesmis ruik. En die skilder, wat vroeër iewers 'n lat gesny het, het langs die pad klei bymekaargemaak en dit gebrei en gekyk of hy die kraalmuur met sy kleilat kan raakgooi.

Daar was nou 'n laatmiddaggevoel tussen die bome. Die mis het begin

afsaak teen die heuwels ver voor ons en daar was geen teken meer van die son nie. Dit was aan die koud word.

Die skilder het gesê ons moet sommer kortpad kies deur die veld en ons het die lang gras ingegaan en onder digte bome deur. Ek, soos die ander twee, was verdwaal, maar die skilder het ons verseker hy ken die koers.

Toe, soos die man op die stoel, net so skielik, en waar ons dit die minste verwag het, was daar 'n murasie tussen die bome. Dit onthou ek goed. Dit onthou ek die beste van alles wat ons daardie dag gesien het.

Dit was 'n verdiepinghuis van klip en daar was 'n paar vergroeide perskebome tussen die gras. Die huis se deure en vensters en dak was weg. Die skilder het vertel dat die huis gedurende die oorlog deur die Duitsers gebombardeer is. Die ander het buite gebly, maar ek het die murasie binnegegaan en in die vertrekke rondgeloop. Daar was 'n half vermolmde houttrap boontoe en ek het voetjie vir voetjie daarteen opgeklim. In die boonste vertrekke het daar nog oorblyfsels rondgelê van 'n huishouding wat twintig jaar tevore skielik beëindig is: 'n bruin en verbuigde lepel, stukkies spieëlglass en blou erdewerk, 'n stoelpoot wat verkrummel het toe ek daarop trap, 'n staalkam waarvan die meeste tande reeds weggeroos was.

Daar het weer 'n fyn misreëntjie begin val. Buite kon ek die ander hoor praat, af en toe, maar tussen die swamgroen mure was dit stil en baie verlate soos in 'n vergane wêreld. Ek het van vertrek na vertrek gegaan en 'n verwoeste wêreld herbou. Die huis het sy lewe teruggekry, stuk vir stuk, en daar was weer 'n dak en vensterrame en ruite, meubels, en ek het gestorwe mense hoor loop, hoor praat, hoor fluister. Die lepel het sy roes verloor en langs 'n blou erdebord op 'n witgeskropte tafel gelê. En ek het 'n ketel hoor sing en iemand het neurieënd teen die trap opgekom. En die slaapkamer was skemerig met die dag buite dof weerkaats in die outydse spieël. En daar was 'n dubbelbed met 'n donkergroen deken en 'n hoë styl van ryk koper, en ek kon seep ruik en ou boeke en die effense reuk van linne en iemand het in 'n stoel gaan sit en gesug en gesê dit word winter.

Ek het weer teen die trap afgegaan, later - ek onthou: met veel minder versigtigheid as toe ek dit bestyg het. Die reling was blinkgepoets en sterk.

Daarna is daar 'n gaping in my geheue. Ek onthou nie dat ons teruggegaan het grot toe nie - maar ons moes dit gedoen het om ons proviandsak en die skryfster se sambrel te kry.

Ek weet net dit was sterk skemer toe ons by die makelaar se huis aankom en dit het swaarder begin reën. Die skilder het oopgesluit en ons het

binnegegaan en dit was asof ek by die huis instap wat ek flus verlaat het. Dit het muf geruik en dit was donker en in die effense lig wat by die vensters ingekom het, kon ek vreemde koperornamente teen die mure sien hang. Die skilder het vir ons koffie gemaak en die skryfster het 'n blik koekies ontdek en ons het daarvan geëet terwyl hulle oor die nimf praat en oor Simone de Beauvoir.

Langs my op 'n lae houtkis was 'n foto van 'n jong meisie met lang blonde hare wat teen 'n swart boomstam leun, haar kop effens skuins, haar oë mooi en vol geheime.

Ek het na die reën geluister en gewonder wat van die man in die stoel geword het wat gesê het dit word winter.

Dit was donker toe die reën bedaar. Ons het van die kans gebruik gemaak om die motor te haal. Ek kan nie onthou dat daar veel gesê is op pad terug nie. Iemand, ek dink dit was die skryfster, het aanhoudend geneurie aan 'n liedjie waarvan ek die wysie geken het maar nie die naam nie.

In die dorpie op die draai het daar ligte gebrand maar ek het nie mense gesien nie. In my gedagtes het ek teruggegaan na al die plekke waar ons die dag was en ek het gewonder hoe dit daar lyk as dit donker is.

Mie-Jeanne Moelaert

EERST, OF VOOR ALTIJD

1

Het is jouw kracht niet meer die besluit, wel
de stilte.

Jij was het begin, maar het einde ligt
ver van jou.

Dit is geen sterven, maar achterlaten.

Een glimlach

als een vriendelijke vallei; afgrond
voorbij mij.

2

We braken gebroken liefde,
dromen dromen aaneen
in een werkelijkheid
die we zelden verstaan.

We gaan allemaal de weg der
waanzin op. Tussen jou
en mij een andere.

Zo troosten wij onszelf.

3

In mijn geest
als een voorbij verhaal van
mensen, breekt
elk begin
op duizend plaatsen tegelijk
In mijn hart
als een verhaal breek jij
vanavond
dit begin
van duizend mensen tegelijk.

September 1969

Hélène Kesting

Twee-twee in die tabaksakkie

Dit was by die personeel se kersparty dat ek Barnie Versfeld die eerste maal ontmoet het. In die kort tydperk sedert middel November, die datum van my diensaanvaarding by die maatskappy, het ek heelwat oor Barnie te hore gekom. Om die waarheid te sê, min dae het verbygegaan sonder die een of ander uitlating deur die een of ander personeellid oor Barnie. Een van die grootste aantyginge teen hom was dat hy niemand gegroet het nie. Die opperste manifestasie van sy onbeskoftheid, so is aan my oorvertel, het 'n maand of wat voor ek by die maatskappy aangesluit het, plaasgevind: hy en 'n kollega moes per motor na Kaapstad afreis. Barnie het dieoggend van hul vertrek voor in die motor langs sy bestuurder-kollega ingeklim, 'n boek uit sy briewetas gehaal en hom vir die duur van die nege honderd myl tussen Johannesburg en Kaapstad oorgegee aan die inhoud van sy leesstof, sonder om 'n enkele woord met sy reisgenoot te praat. Poginge tot kommunikasie aan die kant van laasgenoemde is met 'n grafse swye beantwoord.

My nuuskierigheid oor Barnie Versfeld was nie ongeprikkeld nie. Te meer omdat hy en ek die enigste Afrikaanssprekende personeellede was. Dit het my verstand te bowe gegaan dat iemand met persoonlikheids trekke soos dié aan Versfeld toegeskryf, as skakelman aangestel kon word. Op 'n geleë oomblik het ek hieroor uitgevra. Die antwoord was dat hy uit Engeland om die betrekking aansoek gedoen het, onderwyl hy Rhodes-student was. Op skrif was hy verreweg die beste kandidaat en is gretiglik deur die maatskappy opgeraap.

Reeds voor ons ontmoeting het ek besluit dat ek met Barnie Versfeld vriende sou maak. Dit het my gegrief dat 'n mede-Afrikaner, die enigste te midde van 'n groep anderstaliges, hom goedsmoeds soveel onsmaaklike kritiek op die lyf kon haal. Waarskynlik gebrek aan begrip en vooroordeel aan die kant van sy kollegas, het ek besluit.

Die kersparty is in volle swang as ek die saal binnestap en aansluit by 'n vrolike groepie bekendes in die middel van die vertrek. Terwyl my oë

tussen die gesigte in die saal wei, merk ek, links van waar ons staan, 'n swaar, donker man met 'n botteltjie donkerrooi koeldrank in die hand. „Barnie”, fluister een uit my groepie toe my oë op die figuur bly rus. 'n Paar minute later stel ek my aan hom bekend. Koue, wantrouige oë kyk deur 'n donkerraambril, en hy antwoord net kortaf „nee” of „ja” na gelang van die meriete van die saak, op my herhaalde poginge tot 'n gesprek. 'n Kollega wat my stryd sydelings aanskou, voeg hom gemoedelik by Versfeld en my. Kort daarna verlaat Barnie die party, sonder om verskoning te maak.

In die hyser eenoggend, 'n week na Nuwejaar, sien ek hom vir die tweede maal. Ek groet en is seker dat sy kop effe knik. Maar sy gesig is uitdrukkingloos. As die hyser op die sewende verdieping, by ons kantore, stilhou, klim hy nie uit nie.

Stapels werk wag op my lessenaar en ek dink nie verder aan Barnie nie. Tót tien minute voor een, as hy aan my oop kantoordeur klop, terwyl ek gereed maak om vir die middagete uit te gaan. Byna pateties staan hy daar in die deur, sy kop half op sy bors.

„Mnr. Versfeld! Hallo, kom binne,” nooi ek.

Hy stap binne, sy kop steeds op sy bors. Hy trek die stoel oorkant my lessenaar uit en gaan sit dadelik. Dan steek hy sy hande in sy baadjiesakkie, sy oë nog op sy bors, en haal uit sy linkerbaadjiesak 'n strook gevoude karton en uit sy regterbaadjiesak 'n vaalwit tabaksakkie. „Jy sal nie omgee as ons gou 'n potjie speel nie?” en hy kyk my vir die eerste maal sedert hy die kantoor binnegekom het, in die oë. Maar dis nie 'n vraag nie, want hy vou die karton-dambord oop en skud die wit en swart houtblokkies uit die tabaksakkie.

„Mnr. Versfeld,” lag ek, „ek het in jare nie dambord gespeel nie. Jy sal my soos niksfloophop. Dit sal vir jou geen pret wees nie. Buitendien, ek het 'n ete-afspraak.”

Hy rangskik swyend die blokkies, die swartes naaste aan my en die wittes vir hom, sonder om hom aan kommentaar van buite te steur. Dan skuif hy die bord tot presies in die middel tussen ons. „Die eerste skuif is joune,” gebied-sê hy, sy oë genael op die dambord.

Ek sink vir enkele oomblikke in stilte weg. Dan skuif ek. Die spel is binne 'n paar minute verby.

„Nog een,” beveel hy, „net één pot nog.”

Ek stribbel weer teë, maar hy het alreeds geskuif en tik met sy regterhandse middel- en vierde vingers ongeduldig op my lessenaar. Dié keer duur die spel heelwat langer, in doodse stilte. Taktiek uit vervloë jare, toe ek as kind dambord met my pa gespeel het, kom opeens terug, eers

flou maar progressief helderder. My pa was 'n meester. Skielik weet ek dat, ná nog 'n paar maal se oefening, Versfeld my nie meer sal klop nie.

„Dankie,” sê hy saaklik, as hy die finale slagting onder my twee oorbywende konings maak. Hy vou sy dambord op, steek dit vinnig in sy linkerbaadjiesak, laat die blokkies twee-twee in die tabaksakkie terugval en prop dan die bondeltjie in sy regterbaadjiesak. Dan staan hy op, skuif die stoel ver agteruit en verdwyn met 'n kortaf „tot siens” in die gang.

Ek is twintig minute láát vir my afspraak. Maar onder in die straat, in die helder sonlig, is ek bly dat ek hom die dambord spel nie geweier het nie. Erens in die klowe van my wese weerlink 'n vreugde.

My pligte op kantoor het, onder andere, die hantering van Afrikaanse korrespondensie ingesluit. Sedert die twee maande van my diensaanvaarding was daar nooit enige navrae in die verband nie. Skielik, egter, is my briewe telkens teruggestuur met die een of ander wysiging. In die meeste gevalle het die veranderinge op die woordorde gedui. My eerste reaksie was een van verontwaardiging oor Versfeld se inmenging. Sy wysings was feitlik elke keer 'n subjektiewe stylvoorkleur. My hand was 'n paar keer op die telefoon om hom te skakel en 'n afranseling te gee, maar elke maal het iets my daarvan weerhou. Laat hom maar sy lekker kry, het ek besluit.

'n Kenmerkend Transvaalse donderstorm bars vroeg eenoggend oor die Goudstad los, veroorsaak kragonderbreking en chaotiese verkeer. Ek kom sopnat en laat op kantoor aan. Die lang gang op pad na my kantoor in die hoek is feitlik donker. Skielik, om die laaste draai, val 'n figuur langs my in. Ek skrik my boeglam, maar probeer my bes om dit nie vir Versfeld te laat blyk nie. Hy vergesel my kantoor toe, help my my nat reënjas uit trek en nooi my dan vir die middagete.

'n Donderslag laat die gebou beef, blou weerlig kaats oor die ruite.

Ek is nie lus om saam met Barnie Versfeld te gaan eet nie. Om die waarheid te sê, hy neem my eetlus totaal weg. Maar ek willig in, met dank en sjarme.

Die etensuur begin amptelik om kwart voor een, maar Versfeld is reeds halfeen in my kantoor. Teen dié tyd het ek geweet dat hy hom nie deur reëls of wette laat rig nie.

Buite skyn die son helder, net enkele wit, wapperende wolkies getuig van dieoggend se donderstorm.

Hy het 'n hoektafel in 'n klein Duitse restaurantjie bespreek. Ek dink aan wat ons kollegas sal sê, sou van hulle ook besluit om dié uur dié eetplek te besoek. Versfeld neem regoor my plaas en leun vooroor op sy arms, op die gedekte tafeltjie. Hy kyk my vol in die oë en vir die eerste

keer sedert ek hom leer ken het, glimlag hy breed en gulhartig. Ek glimlag terug. Dan buk hy af na sy briewetas op die vloer langs hom en haal 'n boek uit.

Opeens onthou ek die Kaapstadse ekskursie.

„Ek wil jou iets voorlees,” sê hy vertroulik, en gaan voort in pragtige Engels:

„I am worn out with dreams;
A weather-worn marble triton
Among the streams;
And all day long I look
Upon this lady's beauty
As though I had found in a book
A pictured beauty,
Pleased to have filled the eyes
Or the discerning ears,
Delighted to be but wise,
For men improve with the years;
And yet, and yet,
Is this my dream, or the truth?
O would that we had met
When I had my burning youth!
But I grow old among dreams,
A weather-worn, marble triton
Among the streams.”

Die stemming is onuitspreeklik broos, skielik. Ek voel 'n onwaardige deelgenoot. Hy is gelukkig. Dit bring 'n knop in my keel.

Die kelner wat geduldig by ons tafel gewag het, kom tussenbeide en verneem of hy ons bestelling kan neem. Ons kies geroosterde biefstuk en Marokkaanse kerrie, die biefstuk vir Versfeld, die kerrie vir my. En 'n halfbottel rooiwyn daarby, besluit Barnie. Dan gaan hy gretiglik voort om deur die bundel te blaai: „Luister!” sê hy:

„Unwearied still, lover by lover,
They paddle in the cold
Companionable streams or climb the air;
Their hearts have not grown old;
Passion or conquest, wander where they will,
Attend upon them still.”

„The cold companionable streams, is dit nie pragtig nie.” Dan maak hy die boek toe en sit dit sag voor my neer: „Ek het dit vir jou gekoop. O would that we had met when I had my burning youth”, sê hy met lagende oë. En dan agterna: „Men improve with the years.”

„Mnr. Versfeld, ek . . . ek weet nie wat om te sê nie. *Baie dankie.*” Ek neem die boek in my hande en kyk daarna: dis 'n praguitgawe van Yeats se versamelde verse. Die kelner bring ons geregte en ek skep Barnie s'n vir hom uit.

Almal op kantoor het gepraat van die verandering wat by Barnie ingetree het: die glimlag op sy gesig, sy vriendelikheid teenoor almal, sy spontane geselsies, selfs grappies. Van die ou ongenaakbaarheid en sadisme was daar geen spore nie. Ek het onder die tergtonge van my kollegas deurgeloop. Soms het 'n onrustige gevoel oor my gekruip. Maar, dit was so goed om Barnie Versfeld gelukkig te sien.

Sy uitnodiginge het toegeneem, maar ek het die pouses tussen ontmoetinge minstens drie weke probeer hou. En dit het by dambord gebly, en af en toe 'n middagete in die Duitse restaurantjie. Ek het ongelooflike deernis en bedagsaamheid by Barnie ontdek. En hy kon met groot insig oor die Engelse letterkunde praat, sodat ek baie by hom geleer het. Maar die onrus het gegroei. Soms het ek snags wakker geword en die pyn wat onvermydelik vir hom aan die kom was, gevoel. Hoe kon ek hom dit spaar? Ek kon net vertrou op die lewe self om 'n oplossing te bring.

En toe kom daar in die loop van Meimaand die onverwagse aanbod van 'n betrekking in Kaapstad. Ek was in die wolke. Ek het altyd gehunker na Tafelberg en die see en die mishoring in die nag.

Die laaste maand op kantoor het ek twee maal saam met Barnie gaan middageet en een maal na 'n teatermiddagvertoning gegaan; ons het drie maal dambord gespeel. Toe ek die laaste maal, die dag voor my vertrek Kaap toe, saam met hom geëet het, by die hoektafel in die Duitse restaurantjie, het hy aan die einde van die maaltyd gevra dat ons 'n draai by sy kamer maak, daar was iets wat hy graag vir my wou gee. Sy verbluffplek was vyf blokke weg en ek wou nie laat op kantoor terugkom nie, maar hy het so mooi gevra dat ek ingewillig het om daarheen te stap.

Hy sluit die verbleekte groen buitedeur van sy kamer op straatvlak, oop, en laat my binnegaan. Vir 'n paar oomblikke is ek spraakloos: mufreuk, tydskrifte en koerante oor die vloer, 'n afgeleefde ysterkatedel met 'n stukkende, lakenlose matras en 'n paar komberse gebondel daarop, vuil klere oor oop kasdeure . . . Hy stap na die muur regoor die venster en gaan staan by 'n skildery, die enigste in die vertrek. „Ek wil *dit* vir jou gee,”

en sy oë is vlymskerp op my gerig. Ek word koud. Daardie kyk in sy oë, dié kamer.

Dis 'n oorspronklike werk: 'n portret deur Janna Jonker van 'n sensitiwe, ietwat verwyfde jongman. Voordat my lippe enige woorde kan vorm, haal Barnie die skildery van die muur af en draai dit in bruin papier toe. „Ek het dit gekoop omdat dit na my lyk,” sê hy hees. „Kan jy die ooreenkoms sien? Hulle sê ek lyk na my ma.”

My oë beweeg van die tenger mannetjie op die doek na die groot, swaar man voor my: „Daar is 'n sterk enerse trek rondom die oë,” sê ek.

Hy wikkel die skildery onder sy regterarm en stuur my liggies deur toe. Buite in die straat is die sonlig helend. Ons stap vinnig. By die ingang van ons kantoorgebou gee hy die skildery aan my. Van sy houding kan ek aflei dat hy nie voornemens is om terug kantoor toe te gaan nie. „Ek het in Kaapstad groot geword, weet jy,” sê hy skielik moeg. „By 'n tante.” Ons stap stadig tot voor die nog geslote hyserdeure in die voorportaal. Sy oë is op sy bors: „My ma is dood toe ek drie was. Eintlik twee, want die laaste jaar van haar lewe moes sy pal in Valkenberg bly.”

Die hyserdeure skuif oop. Barnie steek sy hand uit en groet my.

As die deure toeskuif bly hy staan, sy kop half op sy bors.

A. Kloppers

T W E E L I N G

My oë het die bekende
dinge soos altyd gesien -
bruin pap, gespikkeld van die suiker,
'n geel eier gebalsem in sy wit.
Maar my hart het jou gesoek,
teleurgesteld bly klop
oor jy nie was waar
jy moes wees nie.
Toé het ek verstaan:
Ons oorsprong was so eenders
so chromosoomgebonde
dat ek na ete by
die tandeborsel
jou oë na myne
sien staar het
uit die klein
plasenta van die spieël.

V E R B E E L D I N G

Sy hand omkrul
die skerp rand
van die skyf;
hy ken sy gooi,
sy spiere span,
herhaal sy swaai
en
die klein wit
diskusgooier
talm in sy
marmer ewewig . . .

V R O U

Sy ken nie meer
die ou ekstase van 'n vrou;
die wag; die pyn;
- haar lyf het opgedroog -
maar sy onthou:
die vyeboom bot elke jaar . . .
Dan kom die wag
'n nag se pyn . . .
sy weet dis tyd . . .

Die môre stuur
'n vrou
'n geel
verjaarsdagtelegram.

B O O R D

Die peerboom
het te vroeg
en in ekstase
sy orgasme uitgewit.
Leë bloeisels
bibber
wit op wit
met elke vlaag
van die
winterwind

P. A. du Toit

Kersnag(droom)

Dit was 'n Desembernag. Ek het buite teen die huismuur geleun en gedink oor die besluit wat ek die middag geneem het: om in te willig om die motor vir ryk oom Jacobus en kleurlose tant Bettie strand toe te bestuur. Pa en Gysbert sou tuisbly, want die koring was ryp. Ék is gevra om saam te gaan, want ek was 'n student, en Andries was maar net Andries.

Dit was 'n deurmekaar Desembernag. Eers het die jong kom sê dat die dragtige merrieperd bo by die uitdraaiapad dwars in die motorhek vassit. En toe het die telefoon 'n korte en twee langes gelui. Klein Frederik van oom Salmon was dood.

Ek sit teen die huismuur. Onder in die rivier kap die vleivoëltjies stukkies van die nag weg. In die doflig dein die see van koring in Gerfband se vlei. Netnou sal Simson se jakkalse in 'n rooi golf oor die rant stort en dan sal 'n vlammesee oor Gerfband se vlei spoel. Maar Simson is dood. - Toe ek kleiner was, het ek met die gladde klippies onder in die rivier gespeel. Dawid het 'n paar van hulle in die spruit opgetel - Dawid op die prentjie in oorlede Ma se Bybel, Dawid met die rooi kleed en die geel harp. En as Ma die beesmurg op die roosterkoek uitgeskud het, en oor die onderdeur na die buitekamer roep, het Gysbert vir my weer Gysbert geword; Gysbert met die bekfluitjie op die klapperhaarmatras. - En nou, vannag, kap die vleivoëltjies stukkies van die gladde rivierklippies weg . . . stukkies van die nag met die gladde rivierklippies weg.

Die volgende môre het ek twee koffers gepak: een vir Pa en Gysbert, met twee strepiespakke, twee wit hemde, twee swart dasse en twee bondeltjies sokkies - vir klein Frederik se begrafnis. En kortbroeke, en rooi hemde en 'n bottel sonbrandolie vir my, want ek moes oom Jacobus en tant Bettie se motor strand toe bestuur. En terwyl ek die ou blink oudoosmotor in die plaaspad afstuur, en die oumense se toevallige woorde soos lam vlieë in die motor ronddryf, voel ek skuldig. Al het Pa gesê ek kan maar gaan; hy en Gysbert sou wel die koringsnyery met die snyers om-

kom. Ons het by die grootpad ingedraai, en in Gerfband se kombuis het Pa en Gysbert stil koffie gedrink. Net Pa en Gysbert.

Op 'n middag toe die see groen en die lug donkergrrys was, het ek haar gewaar. Van die voorstoep van die strandhuisie af het ek gesien hoe sy met haar branderplank die onstuimige water trotseer, en geduldig pareer om 'n goeie golf uit te soek. Die strand was koud-verlate. Net sy het dit gewaag. Dit was nie die soort weer waarin 'n mens branderplank ry nie. Ek het haastig my branderplank oor my skouer geswaai en afgegaan na die swemplek. Toe ons eindelik met 'n golf so groot soos 'n groot damwal op die vlak water afgeskuif het, het ons gelag, maar ek het haar oorreëd om dié pret voorlopig te laat wag tot later.

Teen ag-uur het ek met die straatjie na hulle huisie aangestap. In een van die kamers van die huisie het sy my aan haar moeder voorgestel - 'n stil vrou wat skilder as die westewind snags die reënlug deur die vensters na binne waai.

Ons het weggestap na die waterkant en gekyk hoe die see in die deurskynende maannag opskuim. - In Gerfband se kombuis praat Pa en Gysbert vanaand oor die vooruitsig op die suidewind vir die uitwan van die koring. Die westewind is te rukkerig, die noordewind te sterk. Net die suidewind is egalig-diep soos die asemhaling van 'n kind. En as die suidewind kom en oor die nag strel, sal die oes teen Nuwejaar in die skuur wees. Daar is 'n kring om die maan. Die noordwestewind begin roer. Dis geen nag vir die uitwan van die koring nie. Die bleek vrou sal vannag weer skilder.

Ons het aangestap na die hawe. Ou Barend, die ou bruin visser, het op die mandolien gespeel en sy alte wit seun het gesing. Nie juis vir ons nie, want ons het maar net hand aan hand verbygestap, en nie by hulle gaan sit nie. Ou Barend het die deuntjie moeisaam losgewikkeld, soos ou Moos die oorbly-mieliepitte van die stronk as hy voer maal in Gerfband se skuur. Ou Barend het gespeel en die seun het gesing; nie juis vir ons nie, sommer vir die hawe, vir die see, vir 'n ou vrou, 'n jong meisie.

Die aand voor ek sou teruggaan huis toe, het ek weer langs haar in die klipperige straatjie gestap. In my broeksak was daar 'n goue ringetjie wat ek in die stad gaan koop het. Toe die lug koel word op die rotse, het ek my arm om haar skouers gevou en haar na die klein kafeetjie geneem waar die munte in die blêrkas gedruk word tot hy ('n dooie ding is nooit *sy* nie) seer en moeg is. Op pad daarheen, ek onthou nie so goed nie, het ek haar iets gevra, maar sy het nie geantwoord nie. Die ringetjie het nog in my broeksak gelê.

- Ek het besluit om nooit lief te hê nie, het sy gesê.

- Jy praat soos 'n slaapwandelaar, het ek teëgewerp.

- Wat is slaap en wat wakker? Was dit sy wat so gevra het, of was dit die wit seun van ou Barend? Nee dit was Gysbert wat gevra het. Maar Gysbert kan, kon... Die werkwoorde lê almal verkeerd. Hulle wil nie pas en voeg nie. Want *kan* is *sal* of *sal nie*, en *kon* is *het* of *wou nie*. Is dit so? Ek weet nie, hoe moet ek nou weet?

Ek het met die ringetjie sit en speel en sy het ontsteld daarna gekyk. - Ons was drie, het sy vertel. Hy en moeder en ek. Ons het die aand gaan stap, ek en sy. Hy het op die stoep bly sit toe ons langs die see gaan stap het. Hy het nog 'n grappie met ons gemaak toe ons wegstap. Kort daarna het ons 'n skoot gehoor, en gedink dis maar 'n groot klapper wat die kinders êrens tussen die huisies geskiet het. Op die sementblad by die swemplek het ek 'n tango gedans saam met 'n vriend wat my kom vra het. Later is ons huis toe. Hy het nog op die stoel gesit. Die pistool het op sy skoot gelê. Bloed. Die telefoon. Die ambulans. Die polisie. Die begrafnis... die eensaamheid. En daar was geen motief nie, altans nie sover ons kon vasstel nie. Nie 'n ander vrou nie, nie geldelike moeilikheid nie, nie rusies, nie neerslagtigheid nie. - En op Gerfband suig Pa en Gysbert vanaand die eensaamheid deur die pyp. Môre sal hulle die gerfbande breek en die koringare sal weer vry wees. Die koringare sal 'n wit golf in die trapvloer stort.

- Maak 'n mens dan nie soms 'n nuwe begin nie, het ek eindelik gevra.

- Daar is geen sin in nie, sê sy. Dis om die noodlot, of die lot as jy so wil sê, uit te tart. Êrens in 'n stranddorpie of op 'n koringplaas word die kringloop later voltooi. Die erflikheid lê in die gene. Dit word nie saam met die naelstring geknip nie. En een nag, as die jongmeisie 'n ou vrou is, skiet die seun homself op 'n stoep dood.

Later, dit moes omstreeks die tyd gewees het wanneer Pa altyd opgestaan het om na die wind te gaan kyk, het ons uitgestap uit die kafeetjie. Die blêrkas het daar eenkant agteroor geleun, soos 'n vrou wat nege maande ver verwag. Die vrou agter die lekkergoed-toonbank het haar breiwerk toegedraai.

- Oormôre is dit Kersfees, het die vrou in die strandhuisie vir my gesê, toe sy die toegedraaide skildery aan my gee. Ek het gegroet - die vrou binne, die meisie buite voor die deur. Toe ek van die huisie wegstap, het 'n vrou agter my rug in 'n kamer met 'n westervenster nog gewerk aan die gesig van 'n visser by 'n vuurtjie; met eenkant harders op die kole.

Oukersaand was ek terug op die plaas. In die trapvloer het Pa en Gysbert en ek elkeen op sy kampbedjie gelê en wag op die suidewind. As die wind vannag kom, moet die koring uitgewan word. Ons het gelê en

gesels soos mans gesels wanneer die trein vroemôre op Put-sonder-water staan. En Pa het vertel van dié en daardie jaar, en die jaar toe Ma weg is, toe die wind geso en geso het. - Vannag as die wind kom, sal ons die gaffels teen die wind stoot. En ou Barend sal op die mandolien speel, en die wit seun sal sing. En 'n meisie sal in die stormsee ski . . . en die erflikheid sal in die gene speel.

Om die trapvloer het die koringtrappers gestaan en droom. Oor die tyd toe hulle kleintyd in die stinkkruid gebokspring het, in die wind geskop het en weggehol het tot bo op die rant waar die lui vlieë nie kom nie. Die merriedonkie, Tiekie, het gedroom oor palmtakke op die pad, en honderde donkies wat afgunstig kyk na die blou drabedjie op haar rug.

Gysbert het hier langs my gesê: „Dries . . . Driés, die gerwe op dié skildery wat die vrou jou gegee het, lyk darem nie soos regtige gerwe nie.” En dan trek hy so 'n paar note seelug deur sy nuwe mondfluitjie.

Dit word hoogwater. Daar bo in die poort hoor ek hom kom - die suidewind. Tussen die rookoppe deur, rivierlangs, deur die matjiesgoed, af na die stoppelende wat in die maanlig al langs die waterkant strek tot daar voor by die oliepleiding, waar die walvisse soms speel. En iewers agter die asbosse naby die dipgat sing ou Barend, die bruin visser, *Stille Nag, heilige Nag*, en die wit seun speel op die mandolien.

Toe 'n handvol koringkorrels soos manna in die eerste sonlig glinster, en die spreeus koers vat na die vrooperskeboom, het 'n windvlagie aan my gaffel gepluk, en die koring het soos ysreën verby die koringhoop op die trapvloer gevval.

Johannes Du Bruyn

Die Kind

1 C A E S A R

Op die ruim pleine van Rome
word Caesar toegejuig.
Hy sal alle barbare Romeins maak;
hulle mense maak
deur hulle aan leeus te voer

maar reeds droom party van gapende wonde
in die sye van die heerser.

In die klam kerkers
hoor barbare die gejuig
en hulle sien 'n kind
tussen oorloë en kruisigings
in wierook gehul.
Die kind is gesond
en snags droom hy van lelies en
lammers

maar reeds sien hulle wonde
in die sye van die groot heerser.

2 N A P O L E O N

Napoleon (5 voet 2) groei daagliks van brug tot brug
en in die koel waters bibber sy groteske beeld
in die rooi winter van moedertjie Rusland

die man op die swart perd
swaai 'n vlag in die hemel
en kyk: sy gesig straal wit.

Hieronder in die sneeu
bou kinders daagliks slegs 'n sneeupop
in doeke toegedraai
en met oë van albasters.

A A R D E 1 9 6 9

*In die begin het God
die hemel en die aarde geskape.*

Op die front lê ons geliefdes gemaai
in die maanlig.
Sondae as die kerkklok eentonig lui
haat ons die vyand opnuut
en lê weer 'n krans by ons oorlogsheld.

As die haan op die kerktoring ons soggens wek
en die gekoer van die tortelduif
soos die gehoe van 'n uil klink
wend ons ons drome na die paradys op die
maan.

Met die eerste tree in die stof
klink één stem van die aarde:
Eer aan God . . .

V I R B E E T H O V E N

Die groen klipkomponis in die park
het buiten sy viool
ook nog twee ore:

hoor die kinders in die straat
hulle is kaalvoet
en hulle sing
'n elegie.

ONS TREK AFRIKA BINNE

ons trek Afrika binne om dáár
tussen skoenlappers en wilgers laer te trek
en slegs van oorloë en geverfde gesigte te droom

daar sal ons kinders neerlê in groen grasvlaktes
en hulle in lou waters doop in die naam van
vrede

en snags in die geslotte kring skarrel ons rond:
besnuif die klam lug; tuur die ruigtes in,
want om ons naaktheid skuil natuur en natuur;
onder ons stewels klop die aarde ritmies
en as ons opkyk raak
ons blik verstik in
klimoppe.

Julien van Remoortere

Hier komt het niet

Er is vandaag een waterstofbom gevallen op Brussel. Men zegt dat de intercontinentale raket, die het helse tuig door de stratosfeer voerde naar haar trefpunt, uiteengebarsten is op een hoogte van ongeveer honderd meter. Men zegt dat een enorme vuurbal neerdaalde op stad en voorsteden. De schokgolf heeft de gebouwen verpulverd en de mensen uiteengereten, opgelost in protonen, neutronen, pi- en mu-mesonen.

Hier in Oostende hebben wij op het ogenblik van de ontploffing een vage bliksem gezien, die oplichtte in het zuidoosten. Het was vlak op de middag. Ik beluisterde de zender Brussel. Plots viel hij uit. Wat later bereikte ons ook de schokgolf. Een hete, woeste wind deed het stof in de straten opwaaien. Mijn zoontje, dat in de tuin speelde, kwam naar binnen gehold.

- Vader, zei hij, vader, het wordt storm. We kunnen deze namiddag niet naar het strand . . . Wat jammer . . .

Ik zag de teleurstelling in zijn ogen.
- Och, het gaat dadelijk wel over, trachtte ik hem te troosten.
- Denk je, vader?
- Zeker, knipoogde ik. Ga maar vlug weer spelen.
- Was liever je handen. De tafel is gedekt! riep mijn vrouw, die zich in de keuken bevond.

Ik keek door het venster naar de lucht. Het kwam mij eigenaardig voor dat er geen wolkje te zien was aan de hemel. Toch had het geblitsemde. B.R.T. Brussel was uitgevallen. Ik zocht een andere post: Hilversum. Harry Bellafonte zong door de luidspreker.

- My heart is down, my head is turning around . . . I had to leave a little girl . . .

Hier werd het lied plots afgebroken. Na Brussel nu ook Hilversum? . . . In de studio Hilversum klikte een microfoon. Een speaker meldde het volgende!

- Dames en heren luisterraars, wij onderbreken deze muziekuitzending

voor een bijzondere mededeling vanwege het Ministerie van Oorlog. Hedenmiddag, te twaalf uur stipt, werden de volgende landen aangevallen bij middel van intercontinentale raketten met kernkop: Engeland, Frankrijk, België, Italië en de Bondsrepubliek Duitsland. Londen, Parijs, Brussel, Rome en Bonn werden getroffen door waterstofbommen. Het Ministerie van Oorlog richt een dringende oproep aan alle inwoners van de steden Amsterdam en Rotterdam. Iedereen moet het grondgebied van die steden ten spoedigste verlaten. Alle militairen met onbepaald verlof moeten zich onmiddellijk naar hun mobilisatiecentra begeven. Er wordt anderzijds aan de bewoners van de provincie Limburg aangeraden zich te huisvesten in hun kelders, daar er kans bestaat dat die provincie vandaag nog zal getroffen worden door radioactief neerslag, voortkomende van de ontploffing te Brussel. Het is tevens van belang dat iedereen zich zo weinig mogelijk blootstelt aan de openlucht; zelfs die lichaamsdelen, zoals aangezicht, hals en handen, die gewoonlijk onbedekt zijn, worden nu, ter voorkoming van schade, teweeggebracht door radioactief neerslag, best bedekt, althans buitenhuis. Bij het binnentreden moeten de bovenklederen zoveel mogelijk afgezonderd worden. Ik herhaal . . .

Ik wendde mijn blik van de radio af en keek naar de keukendeur. Daar stond mijn vrouw. Haar ogen waren groot van verbijstering. Ze zag krijswit en haar handen hield ze krampachtig gevouwen. Ze sprak geen woord. Ze deed niets anders dan kijken naar mij met ogen, groot van verbijstering.

Ik sliktte. Mijn mond was kurkdroog.

- Niet ongerust zijn, zei ik. Hier komt het niet. Niet ongerust zijn.

- O . . . gruwde ze.

Ze wierp zich in mijn armen en drukte zich zó vast tegen mij aan, dat ik haar met moeite kon losmaken.

- De kinderen! fluisterde ik. Kalm blijven!

- Is moeder ziek, vader?

Ons zoontje kwam aanlopen uit te keuken. Zijn handjes dropen van het water.

- Nee, moeder is niet ziek, glimlachte ik.

- Vecht je dan met moeder?

- Vecht ik met moeder?

- Ja. Je hebt haar vastgegrepen. Zó!

Ons zoontje klemde zich vast aan mijn knie.

- Da-da-da! weerklonk het uit een hoek van de woonkamer.

Ons dochtertje, dat in haar loopperk een pop vertroetelde, wou meevechten met haar grotere broer.

- Kom, we zullen eerst eten, wenkte ik.

Mijn vrouw ging terug naar de keuken. Ik zette de radio af. Mijn vrouw bracht de soep aan. Ze zag zeer bleek en ze beefde. Ze morste op het tafellaken.

- O! Mama maakt de tafel vuil! riep ons zoontje.

- Ja, ja, zwijg maar en eet je soep uit, zei ik. En bid schoon.

Heb je gebeden vóór je begon te eten?

Automatisch reikte mijn hand naar de radio. Nee! Alles op zijn tijd. We moeten middagmalen. De soep werd koud. Vroeger had ik mij af en toe voorgesteld wat het zou zijn indien de grote catastrofe plaatsgreep. Wat was het allemaal anders in werkelijkheid. Hier zaten we, rond de middagtafel. De soep werd koud.

Er werd aangebeld. Ik stond op en ging de deur openen. Mijn zuster, die in dezelfde straat woont als wij, rende naar binnen.

- O! . . . hijgde ze, totaal overstuurd. O . . . het is oorlog! Heel de wereld staat in vlam en vuur! Er vallen atoombommen! O! . . .

- Da-da-da! kraaide ons dochtertje. Ze kent haar tante zeer goed.

- Sst! deed mijn vrouw. Pas op: de kinderen.

- Kom, kom, suste ik mijn zuster. Niet ongerust zijn. Hier komt het niet. Niet ongerust zijn.

Ze was radeloos.

- We gaan er allemaal aan . . . jammerde ze. Allemaal . . .

- Hier, drink eens, zei ik.

Ik schonk een glas spuitwater uit en reikte het haar toe. Haar tanden klapperden tegen het glas.

Op de straat weerklonk rumoer. Ik keek door het venster. De mensen liepen links en rechts. Ze waren allemaal ontredderd. En ik? Wat kon ik doen? Het was alsof ik droomde. Ik zag de mensen her en der rennen. Bij een huis, dat in aanbouw was aan de overkant van de straat, waren twee mannen bezig kleine zakken te vullen met duinzand. Ze werkten in snel tempo en droegen de zakjes half lopend weg.

- Wat kunnen wij doen? Wat kunnen wij doen? jammerde mijn suster. Dit is het einde!

Ik wendde me tot haar.

- Blijf nu kalm, sprak ik, en ik trachtte beslistheid in mijn stem te leggen. Denk om de liefde gods aan de kinderen.

Om de liefde gods . . . Liefde en God . . . Hoe vals klonk dat nu . . . Ons zoontje luisterde met half open mond. Hij begreep het niet. Hij wist wél dat er iets geweldigs gebeurd was of nog aan het gebeuren was.

- Jongetje, zei ik, eet maar vlug je soep op. Ze wordt koud. Mijn zuster slikt zenuwachtig. Ze ging weer weg.

- Mijn schapen van kinderen . . . zuchtte ze.

Ik leidde haar buiten.

- Luister, Anna, zei ik, we mogen het hoofd niet verliezen. Het is ernstig, dat weet ik, maar we moeten kalm blijven. Hier komt het toch niet. Oostende is te onbelangrijk. Men zal enkel de grootsteden bombarderen. Je moet je rustig houden omwille van de kinderen. En blijf zoveel mogelijk binnen.

Op dat ogenblik kwam een politiewagen door de straat gereden. Hij hield stil op de hoek en een agent begon te spreken door een draagbare luidspreker.

- Bericht aan de bevolking! Alle mannelijke inwoners van de stad, tussen de achttien en de veertig jaar oud, moeten zich onmiddellijk naar het Canadaplein begeven! Degenen, die dit bevel niet opvolgen, zullen beschouwd worden als deserteurs in oorlogstijd. De inwoners, die niet onder deze clause vallen, worden dringend aangeraden zoveel mogelijk binnen te blijven, ten einde de wegen vrij te houden voor het noodzakelijke vervoer. Tevens wordt iedereen verzocht een woonruimte in te richten in de kelders. De volgende maatregelen kunnen, ter voorkoming van brand, getroffen worden: ten eerste, het verwijderen van alle brandbaar materieel aan de vensterruiten, zoals gordijnen en overgordijnen; ten tweede, het beschilderen van de ruiten met een witte substantie, zoals witte verf, kalk, stijfsel. Verder is het best alle eetwaren, alsmede drinkwater onder te brengen in de kelders. De bevolking wordt verzocht voortdurend de uitzendingen van de B.R.T. Studio Kortrijk te volgen. Langs die weg zullen bestendig alle te treffen veiligheidsmaatregelen worden omgeroepen. Het kollege van burgemeester enschepenen doet een dringende oproep tot kalmte en zelfbeheersing: het is van oordeel dat Oostende in één der veiligste zones ligt en meent dat niemand er baat bij heeft de vlucht te nemen.

In ademloze stilte hadden alle mensen de berichten aanhoord. De politiewagen reed weer weg. Veel vrouwen huilden. De mannen vloekten, scholden, trachtten zich weer te beheersen.

Buurman Janssens kwam bij me.

- Het is onverantwoordelijk! riep hij uit. Ze verplichten ons onze vrouwen en kinderen aan hun lot over te laten! Als wij dan toch moeten sterven, kunnen wij dat best samen! Ze hebben het recht niet ons te scheiden!

Buurman Peeters voegde zich bij ons.

- De smeerlappen! gromde hij. Heb ik het niet steeds gezegd dat het ooit zo ver zou komen? Ha ja! Ze waren niet te vertrouwen met hun atoombommen! Zie je wel dat ik gelijk had?

- Het komt er niet op aan of wij gelijk hebben of niet, zei ik. Wij worden opgeroepen. Ik denk dat het best is dat wij gaan.

- Nooit! riep buurman Janssens uit. Ze moeten mij uit mijn kot komen halen!

- Blijf kalm, trachtte ik te sussen. Je moet begrijpen dat er nu geen kwestie is van soldaatje te spelen. Dit is heel iets anders dan in veertig. Waarschijnlijk zullen wij hier ter plaatse kunnen blijven om alles te regelen.

- Regelen? Wat is er nog te regelen? Dit is het einde, man! schreeuwde Janssens.

Mijn vrouw kwam bij ons staan. Het was alsof ze plots jaren ouder was geworden.

- Kom je eten? vroeg ze.

- Nee, antwoordde ik. Ik moet naar het Canadaplein. Alle mannen werden opgeroepen. Wij moeten allen gaan. Heb je het niet gehoord? De politie heeft het omgeroepen.

Ze knikte stom.

Ik ging met haar naar binnen. Ik kuste haar en ook de kinderen. Ze schreide niet, mijn vrouw. Ik was haar dankbaar om zoveel moed.

Toen ik mij naar het Canadaplein begaf, in de onmiddellijke nabijheid van het enkele jaren oude stadhuis, bemerkte ik pas goed de paniek, die zich langzaam maar zeker van de bevolking meester maakte. Steeds meer auto's reden, volgepropt met mensen en materiaal, de autostrade op, in de richting Brussel. Waarheen wilden die mensen? Brussel was gebied van de dood! Enkele politieagenten trachtten de auto's tegen te houden, maar ze moesten springen voor hun leven. Bij het Ernest Feysplein heerde een geweldige verkeersopstopping. Naar ik van op afstand kon zien - ik heb mij niet in de onmiddellijke nabijheid begeven - waren daar vlak voor de Kapellebrug, een drietal auto's in botsing gekomen. Heel het baanvak was versperd met brokstukken, pakken en valiezen. Auto's toeterden krankzinnig. Vrouwen tierden en schreeuwden en mannen staken opgewonden de armen boven het hoofd. Toen naderde uit de richting van de Generaal Mahieukazerne een peloton mariniers. De zon blonk dof op hun helmen. Ze waren gewapend. Het peloton ontplooide zich waaiervormig en, de geweren stotens klaar, drongen de soldaten op het volk in. Weldra weerklonken enkele geweerschoten. Ik sloot even de ogen en wendde het hoofd af. Langs het tweede dok begaf ik mij naar de plaats van samenkomst. Het Canadaplein was één wriemelende massa van man-

nen en jongens. De verkeerslichten flitsten onverstoord van rood naar groen en omgekeerd, maar niemand scheen daar nog op te letten. Even kwam het tot een kortstondige, wanhopige, massale vlucht, toen een straaljager met gierende motor laag over de huizen donderde.

- Een raket! ! gilde iemand.

Met duizend andere mannen dook ik in de goot. Vlak vóór mijn neus lag een half verwelkte roos. De rode bloemblaadjes begonnen al grijs en bruin te worden. Zouden er nog ooit rozen kunnen groeien in deze waanzinnige wereld?... Wij waren overgeleverd aan de willekeur en de raketten, die gelanceerd werden op bevel van een paar mensen. Die enkelen hadden het leven en de toekomst van miljoenen in handen. Als in een flits zag ik de kaart van West-Europa. In vijf centra ervan tekende de dood een reusachtige paddestoelwolk aan de zomerhemel. Nooit hadden wij dàt goed in het gezicht durven zien. Steeds susten wij onszelf met de zoete gedachte dat een kernoorlog onmogelijker werd, naargelang de tijd en de techniek verder schreden.

Maar nù begreep ik het: die tijd en die techniek waren tégen ons geweest! We kregen genoeg tijd om een hechte vrede te vestigen en de techniek was ons boven het hoofd gewassen. Maar nu was het onherroepelijk te laat! ...

De straaljager was verdwenen. De mannen krabbelden recht. Velen beefden en keken met grote angstogen naar de hemel, die even stralend was als gisteren. Dezelfde zon stond aan het uitspansel. Dezelfde zwaluwen scheerden onverstoord langs de daken en de banen. Doch wij, wij waren niet meer dezelfden.

In de menigte ontdekte ik Johan, één van mijn vrienden. Hij kwam op mij af en drukte mij de hand.

- Wat een krankzinnigheid! gromde hij. Hoe neem jij het op?

- Het is als een boze droom, waaruit ik niet kan ontwaken, antwoordde ik. Weet jij waarom wij hier moeten vergaderen?

- Ongeveer toch. Ik sprak daarstraks met kommissaris Vandooren. Men wil hier een ordedienst oprichten. We zullen ...

- Een ordedienst, zeg je?

- Ja. Nu . . . elk mag er van denken wat hij wil. De bedoeling, of liever: de bedoelingen, zijn de volgende. Ten eerste, beletten dat de paniek zich uitbreidt, dus vluchten voorkomen en de banen vrij houden voor het noodzakelijke verkeer. Ten tweede, daarbij aansluitend . . .

- Ogenblikje. Welk noodzakelijk verkeer? Troepen en zo?

- Nee. Het betreft vluchtelingenverkeer. Want de tweede bedoeling is: het oprichten van een soort vluchtelingsdienst. We mogen er ons aan

verwachten, dat er binnen de eerstvolgende uren heel wat vluchtelingen zullen aankomen, niet alleen uit eigen land, maar ook uit Engeland bijvoorbeeld.

- Toch niet uit Brussel en Londen zelf, glimlachte ik vaag.
- Nee, maar uit de randgebieden, waar de waterstofbommen veel schade hebben aangericht en waar het . . . eh . . . al te heet is om te blijven zonder verbrand te worden. Je begrijpt mij wel, is het niet?

Ik knikte.

- Radioaktiviteit?
 - Mm.
 - Dus lopen wij kans dat ook wij hier besmet worden?
- Johan schudde het hoofd.
- Dat is juist, wat er moet belet worden, man! De aankomende vluchtelingen mogen geen kontakt krijgen met onze mensen hier, tenzij met deze, die . . . hoe zou ik het noemen . . . in het ontvangstkomitee zetelen!
 - Zetelen . . . zuchtte ik.
 - Krankzinnige boel . . . mompelde Johan. Kom, we zullen doordringen tot bij de trappen van het Gerechtshof. Sigaret?
 - Dank je.

We drongen vooruit door de menigte, die nog steeds aangroeide. De mannen stonden al tot vooraan in het Leopoldpark. Enkele rijkswachters baanden zich een weg naar de trappen van het Gerechtshof.

- Komaan! wenkte Johan. Die gaan we achternal!
- Wat wil je doen?
- Zal je wel zien! Maar ik kan niet langer bij de pakken blijven zitten!

Over de Alfons Pieterslaan raasde een ziekenwagen met luid gillende sirene.

Achter Johan klauterde ik de trappen van het Gerechtshof op. Links en rechts ving ik flarden van gesprekken op. Ik voelde mij een bandopnemer op voeten, die door een massa mensen gleed en die onuitwisbaar alles opving, wat in zijn microfoon kwam . . .

- In Mariakerke zijn er al twintig zelfmoorden!
 - Op het Sas is er een gek geworden. Hij heeft zijn huis in brand . . .
 - Nee! Antwerpen niet . . .
 - . . . zijn honderdduizend doden . . .
- Johan werd tegengehouden door een grimmige politieagent.
- Wat moeten jullie hier?
 - Wij zoeken kommissaris Vandooren, hijgde Johan. Om de drommel, man! Je ziet toch zelf wel wat er gaande is! De mensen houden dit niet langer meer uit. Er moet iemand de leiding in handen nemen!

Hij duwde resoluut de agent opzij en ik volgde hem door de opening.

- Jullie vliegen eruit! schreeuwde de agent en hij trok zijn revolver. En vlug wat! Komaan! Naar buiten!

Ik versteef van angst en bleef blokstil staan. Maar Johan gaf zich niet zo vlug gewonnen. Hij keek de agent vlak in de ogen.

- Goed dan, gronde hij. Maak mij eraan. Nu zal geen haan er over kraaien en jij zult vrij uitgaan. Maar bedenk om de liefde Gods wat er hier op het spel staat! Kijk naar buiten, naar de radeloze mensen, naar de honderden, die blind willen vluchten. En vergeet de duizenden niet, die weldra hierheen zullen komen, mensen uit de getroffen gebieden! Mensen, die radioactief zijn en die heel de stad zullen besmetten!

Langzaam zakte de revolver.

- Nu mag je mij doodschieten, hield de agent.

De agent knipperde met de ogen.

- Eh . . . mag ik uw paspoort zien? stamelde hij.

Johan stak zijn hand in de binnenzak van zijn vest en wierp de agent zijn portefeuille toe.

- Hou hem als soevenir, siste hij. En vertel op: waar is kommissaris Vandooren?

De agent hield de portefeuille in zijn linkerhand alsof ze een gloeiend stuk metaal was.

- In het vrederecht, antwoordde hij. Ze vergaderen daar . . .

- Kom, wenkte Johan mij.

Ik griste de portefeuille uit de handen van de agent en volgde mijn vriend, die de dubbele deur opende, die toegang gaf tot de griffie van het vrederecht.

De hoge zaal scheen gevuld met blauwe rook, afkomstig van sigaretten en sigaren. We kwamen terecht in de gekste vergadering, die ik ooit gezien heb. Magistraten, rijkswachtofficieren, kommissarissen, stadsambtenaren en brandweermannen rumoerden, discussieerden driftig, schreeuwen woedend, trachten elkaar met rode gezichten en wijde, hoekige armbewegingen te overtuigen. Niemand bemerkte dat wij de zaal binnekwamen.

- Ojee . . . zuchtte Johan.

- Wat een heksenketel . . . mompelde ik.

- Ken je Vandooren?

- Kennen niet precies.

- Zou je hem herkennen?

- Ja, dat wel.

- Goed! Help me hem zoeken!

We mengden ons tussen de mannen. Niemand sloeg acht op ons. Ik botste tegen een persfotograaf aan. Hij was zowaar op het punt een foto te nemen van de zaal!

- Wat sta jij hier nog foto's te maken! brulde ik hem toe, plots woedend. Heb je nijs beters te doen? Wie denk je zal nog kranten lezen?

De fotograaf was in het geheel niet verstoord en deed zijn flits blitsen. Daarna wendde hij zich tot mij.

- Zo! knikte hij kalm. Dat wordt vast een mooi kiekje! Een dokument!

- Je bent gek! schreeuwde ik. Weet je niet wat er gebeurt? Toen veranderde de uitdrukking op zijn gelaat. Zijn ogen werden plots hard. Er verscheen een grimmige plooij om zijn mond.

- Of ik het weet! riep hij uit. Misschien beter dan al die apen hier samen! Maar wat wil je wat ik doe? Ze bedelven mekaar onder stortvloeden van woorden! Ik tracht tenminste kalm te blijven en te doen wat ik kan doen! Foto's maken in dit geval... En nou jij...

Ik huiverde.

- Neem me niet kwalijk... fluisterde ik, maar ik geloof niet dat de fotograaf het hoorde wegens het tumult in de zaal.

Iemand trok aan mijn vest. Het was Johan, die Vandooren had opgevist.

- Kom, riep hij. We doen het op ons eigen houtje. Hier loopt de boel volkommen in het honderd.

We verlieten de zaal, Johan voorop, dan Vandooren, dan ik. Ik hoorde voetstappen achter mij. Verrast keek ik om: de fotograaf volgde ons en knipoogde grijnzend.

Johan liep den gang door en stiet een deur open. We betraden een klein bureel.

- Deur toe! beval Johan.

Hij ging achter de schrijftafel zitten.

- En nu ten spoedigste optreden, zei hij. Er ging al té veel tijd verloren. Ten eerste: iedereen beletten de stad te verlaten. Ik zal kort zijn. Jullie moeten maar zelf het initiatief in handen nemen. We zullen de autostraße en de weg op Brugge versperren. Iedereen, die de versperringen wil verwijderen, moet neergekogeld worden. Punt twee: de vluchtelingen. Ik stel voor ze op te vangen op de wijk Hazegras. Ze kunnen ondergebracht worden in de kerk, in het stedelijk slachthuis, in een paar schoolgebouwen en desnoods in de danszalen van de wijk. Geen kontakt met andere inwoners!

- Dan konden we beter het Hazegras ontruimen, sprak Vandooren.

- Goed! Maar hoe?

- Desnoods met geweld. Als we vijftig man bij elkaar krijgen, gaat het. We krijgen wel wapens in de zeemacht- of rijkswachtkazerne.

Johan knikte goedkeurend.

- Ik neem de vluchtelingen op mij, zei hij.

- Ik ga met jou, sprak ik.

Johan keek me aan.

- Denk aan je vrouw en kinderen, man! Je kunt besmet worden!

- Ik heb geen schrik, zei ik.

- Uitstekend dan.

- Dan zorg ik, samen met die heer hier voor de versperring van de wegen, sprak Vandooren.

- Jan Dijkers, glimlachte de persfotograaf.

- Okee!

- Aan het werk! beval Johan, terwijl hij rechtstond.

- Wacht even! kwam Vandooren nog tussen, terwijl hij een notitieboekje uit zijn zak haalde. Ik zal jullie een woordje meegeven voor één van de kazernes. Zo niet, zullen ze jullie de wapene weigeren.

Hij krabbelde vlug enkele zinnen op een stukje papier en overhandigde het aan Johan.

- Dank je. Nog iets! Ons hoofdkwartier is hiér! Om het uur - precies op het uur zelf - moet elke groep een afgevaardigde zenden naar deze plaats, voor uitwisseling van gegevens. In orde zo?

- In orde!

Dat was het. In enkele woorden was een krankzinnig plan uiteengezet geworden. Maar was niet àlles even krankzinnig vandaag?... Half versuft liep ik Johan na, naar buiten. Ik schrok even, toen ik de massa bemerkte op het Canadaplein. Welhaast heel de mannelijke bevolking van Oostende was er vergaderd. Er werd geroepen, geschreeuwde, getierd. Enkele heethoofden ruiden de anderen op.

- Wat staan wij hier te doen? Allen samen terug naar huis! Ze kunnen ons niet allemaal tegen de muur zetten! Vooruit! Naar huis!

- Kom! wenkte Johan vlug. Vóór het te laat is!

Hij bleef op de tweede trap staan en stak de armen in de lucht.

- Stilte, mannen! schreeuwde hij. Stilte! Luister naar mij! Stilte!

De mannen op de rijen, het dichtst bij ons, hielden op met rumoeren.

- Stilte! werd er geroepen.

Zodra hij zich enigszins verstaanbaar kon maken, begon Johan te spreken.

- Ik vraag vijftig vrijwilligers om deze boel te reden! riep hij. Vijftig man, die nog een beetje kalmte in hun lijf hebben en die, in het belang

van allen, willen helpen om onze mensen te redden! Vijftig vrijwilligers! Wie biedt er zich aan? Kom op de trappen staan! Maar haast jullie! De tijd dringt!

Verbazing, wantrouwen en ongeloof voeren door de rijen mannen vóór ons.

- Wat is er te doen? schreeuwde er een. Wij willen naar huis, weet je! Jullie hebben lang genoeg met onze voeten gespeeld.

- Ja! Ja! Bravo! riepen een paar anderen. Al die woorden in de wind kunnen niet veel baten!

- Kun jij soms die atoombommen tegenhouden? tierde ergens een man met overslaande stem.

- Wij kunnen er voor zorgen dat de ramp beperkt blijft! riep Johan. Straks komen er vluchtelingen uit de getroffen gebieden. Zij zijn radioactief besmet. Wij moeten beletten dat ze in kontakt komen met ons, die niet besmet zijn! Met vijftig man kunnen wij dat zeker! Slechts vijftig vrijwilligers!

- Wil je ze misschien de hals over snijden als ze komen? Of in een dok gooien? Ha-ha-ha!

De mannen lachten schor.

- Zo zijn ze, dacht ik. Ze begrijpen niet wat er hen boven het hoofd hangt. Maar zij kunnen niet volledig verantwoordelijk gesteld worden. Er zijn er anderen, die het wél weten en die niets doen, niets . . .

Johan schreeuwde zijn stem stuk. Geen enkele vrijwilliger meldde zich. Wij bleven alleen op de trappen staan. De menigte nam te langen laatste een vijandige houding aan. Links en rechts zag ik hoe grote groepen zich afscheidden en het Canadaplein verlieten.

Plots, uit de richting van de Vindictivelaan, kwam er geweldige deining in het volk. Er werd verward geschreeuwd en geroepen. Johan schudde mistroostig en wanhopig het hoofd.

- Het zijn gekken! sprak hij schor.

- Nee, onwetenden . . . fluisterde ik.

Steeds meer beroering kwam er onder de mannen. De kreten namen eenzelfde vorm aan.

- Naar de boten! Naar zee! Naar IJsland!

- God . . . dàt ook nog . . . ging het door mij.

Een paar agenten trachtten de vloed in te dijken, maar werden eenvoudig onder de voet gelopen. Door de Euphrosine Beernaertstraat en langs de Vindictivelaan stormde de massa weg naar de kade en de vissershaven. Het Canadaplein was in enkele ogenblikken ontruimd.

- Vijftig vrijwilligers . . . zuchtte Johan.

- Kom, trachtte ik hem te troosten, maar elk woord klonk vals.
Kom, trek het je niet aan. Je hebt je plicht gedaan.
- Dat is larie! beet Johan af. Wat bazel je nu over plicht! Het is slechts instinkt, dat mij leidde: de instandhouding van de soort, mag je het noemen.
- Dat is niet waar, zei ik zacht. Jij weet zelf dat het niet waar is.
Toen pas bemerkte ik dat het zonlicht verduisterd was, zo ongeveer gelijk bij een zoneclips. Ik keek omhoog naar de lucht. De hemel was nog steeds wolkenloos. Maar rond de zon hing een oranje sluier.
- Waarschijnlijk Londen . . . zuchtte Johan, die mijn blik had gevolgd. We krijgen roet in het eten.
- Ik ga terug naar huis, zei ik. Het heeft geen zin hier nog rond te lopen en mijn vrouw zal ongerust zijn. Heb je nog andere plannen?
- Welke plannen zou ik nog kunnen hebben? . . .
- Kop op, jongen! Misschien slaan wij er ons door. Wie weet . . .
Johan keek me even aan en grijnsde eens.
- Weet je hoeveel kansen je hebt? vroeg hij. Eén op een miljoen. Maar ik hoop dat je ze hebt. Ja, verdomd, dat hoop ik!
- Geloof je misschien dat Oostende ook een bom krijgt?
- Nee, dat sluit ik zelfs uit, tenware . . . tja . . . oorlog blijft steeds een onberekenbaar iets.
- Besmetting dan?
- Niet alleen besmetting, jongen. Maar wàt zullen wij doen? Over acht dagen zal alles lam liggen, Brussel is van de kaart geveegd. De centrale diensten zijn uitgeschakeld, het volk in paniek, de atmosfeer vergiftigd met radioactieve stofdeeltjes, die ons nu reeds bestoken, zonder dat wij er iets van voelen. Hoe zul je over twee weken aan de kost komen? In hoeverre zullen de ordediensten de vluchtelingenstroom kunnen indijken? Trouwens, ik geloof niet meer aan ordedienst. Elk schermt voor het eigen duurbaar vel. En wie kan hun, in feite, ongelijk geven? De instandhouding van de soort . . .
- Wees niet zo cynisch, Johan, smeekte ik. Je zou alle hoop verliezen, als je je bezig hoort.
Hij greep me bij de arm. Ik zag ongeloof in zijn ogen.
- Heb jij nog hoop?! riep hij uit.
Ik keek hem rustig aan.
- Ik heb kinderen, antwoordde ik. Als je kinderen hebt, blijf je hopen, moet je hopen. Toen ik nog kind was, brak de wereldoorlog veertig-vijfenvierig uit. Mijn vader heeft aan het front gezeten. Hij zag zijn beste kameraad naast zich wegschieten. Hij heeft voor mij gehoopt dat ik

dat nooit zou moeten beleven. Mijn grootvader lag in de IJzergrachten, in veertien-achttien. Voor de rest van zijn leven was hij getekend door het gas. Maar hij hoopte dat zijn kinderen en kleinkinderen dat nooit mochten beleven. En nu . . . nu is er dit . . . Het is mijn erfenis te hopen voor mijn kinderen en kleinkinderen dat ze deze waanzin nooit bewust zouden beleven, Johan! Dat kan je geen instandhouding van de soort meer noemen! Dat is de hoop, die onafscheidbaar vastzit aan geloof en liefde.

- Wie zou je nog geloven en beminnen? vroeg Johan op bittere toon.

- Mijn vrouw en mijn kinderen, antwoordde ik stil. En een paar mensen, die van goede wil zijn. Maar dat is toch het belangrijkste? Wat er ons dan ook te wachten staat, wat er dan ook gebeurt, Johan, maar het is het belangrijkste.

We stonden beiden op de trappen van het Gerechtshof te Oostende. Het plein vóór ons lag verlaten in de omfloerste zon.

Johan boog het hoofd.

- Wat ben je pathetisch . . . fluisterde hij. Je bent geen realist, je bent een volbloed romantieker. Hier, neem dit toch maar . . .

Hij stak me een glimmend pistool toe. Verrast deed ik een stap achterwaarts.

- Een . . . een pistool! schrok ik. Wat kan ik daar mee aanvangen?

- Neem het . . . asjebließt! smeekte hij.

Hij vroeg het met zoveel aandrang, dat ik aarzelend het wapen in ontvangst nam.

- De lader is gevuld . . . zei hij schor. Er steekt een kogel in de kamer. Ik heb geen kinderen, begrijp je? . . .

Hij vloekte en spuwde op de trappen.

Ik stak het pistool in mijn zak. Ik nam mijn vriend bij de arm.

- Het was allemaal komedie, zei hij schor. Jij noemde het plichtsbesef. Maar ik ontvluchtte mij zelf. Ik trachtte het te doen. Toen ging die bende apen weg naar de boten en . . . en . . .

Zijn stem stokte.

Ik begreep alles. Hoe graag had ik hem geholpen . . . Zouden mijn geloof, mijn hoop en mijn liefde groot genoeg zijn? Ik moest het maar proberen, dacht ik. Ik voelde me helemaal rustig worden van binnen. Heel vaag hoorde ik in de verte, uit de richting van de vissershaven, schoten knallen. Hoeveel mensen stierven er vandaag een gewelddadige dood? Het waren er vast miljoenen, mannen, vrouwen en kinderen. De mannen en vrouwen gingen naar de hemel, naar het vagevuur of de hel. Maar de kinderen gingen naar de hel! Ja!

God! Nooit had ik dat zó goed beseft als nu, in dit ultieme uur! Ik glimlachte. Een grote blijdschap bloeide open in mij.

- Kom, zei ik tot Johan. Jij hebt geen vrouw en geen kinderen. Maar ons zoontje zal je oom Johan noemen. Ik ben er zeker van dat wij er ons door slaan, want, Johan hiér komt het immers niet!

N. A. Liebenberg

VIR DIE NAASBESTAANDES VAN ALLE VERMOORDES

Jy wou altyd altyd 'n seun gehad het
en ek herinner my daardie kind
wat jy opgelei het vir die arena
vir die uitdrukking van drome
wat krampagtig gesoek het na bevryding
vir hulle wat moeg geword het van mens wees
wat staan agter die toonbanke in die steengroewe van die môres
na 'n grafsteen verlang in die swerfvlugte van eensame voëls.

Ek het gesien sy slag met woorde
hoe geweldig tot die allerlaaste
met sy beeldspraak van vernuwing
dat die reuk van verbrande wonings
hom siek gemaak het
dat die baie begrafnisse van onskuldige kinders
hom laat huil het
en tog was hy alleen
die val van blomme om sy voete
het hom nooit gewaarsku nie
en daar was geen krete
om sy ongelukkige kop te beskerm nie.

Maar moenie hartseer voel nie
baie dinge sal nog verander
jy sal my later nie ken nie
en ek sal jou teen die kop kyk
ons sal bymekaar verbygaan soos vreemdelinge
sonder om mekaar te ondersteun
sonder dat my hande jou heup stut
Hy was maar net 'n stem

'n woestynvoëltjie wat roep uit 'n ander wêreld
agter die brande van ons vrede
moenie verbitterd raak nie
al was hy los van jou hy het besmeerd gebly
dié kind wat jy opgelei het
vir 'n arena waarin hy nooit gesterf het nie.

Vincent van der Westhuizen

Landskappe deur 'n donker bril

NOUDAT HULLE HUL UIT VIËTNAM WIL ONTTREK

Net voor jy gaan, soldaat,
mag ek jou vra:
Moet ek alléén
jou blonde botsel dra?

VOORSPOED EN VAALJAPIE

Die reën laat weer die hotnosvye blom
en elke handjie word 'n danksê-kom
met iets wat suur en pittig is te offer
in ruil vir hierdie duin se heiligdom.

B A A S B O S S

Twee doringdrade waak om die verset -
die een: Geregtigheid, die ander: Wet.
Die waarheid van die woord het baie draaitjies:
Zambesi, of polisie, of . . . Viët . . . ?

L A N G L A A G T E

Drie kaalvoetmeisies lag die drie perronne blink
waar rooi of groen sinjale stuit of wink
terwyl die eetsalon nog donker is
vóór mans likeur en bitter koffie drink.

DIE PAD UIT DIE STAD

Ou manne, gekruisig met drome,
eergisters wat saamdrif soos honde -
wat is berou? Die hoekies waar
julle draaie geloop het om die sonde?

TOE DIT ANDERSTER WAS

Daar was die Groot Begrip, en jy, en ek,
en ons twee het 'n moerbeiboom ontdek,
toe vind Hy ons op 'n obskure plek -
twee stropertjies met monde rooi bevlek.

ONS PAADJIE MET KITARE IS 'N CUL-DE-SAC

Die wind boetseer die bome in ons doodlooppaan
waar die pale met hul flessies ingelegde weerlig staan.
Voor hierdie nag haar baie vroue blou chiffon laat val
moet ek misbaar en onsigbaar na ons wit lokasie gaan.

D. H. Steenberg

Die skeppingsmotief in Opperman se „Dolosse”

Met betrekking tot die kinderspel word die dolos geassosieer met fantasie, met die skep van 'n verbeeldingswêreld, sodat die dolos gesien kan word as middel tot skepping. In Opperman se jongste bundel word die skeppingsmotief wat in hierdie poësie aanwesig is, dan ook duidelik en kernagtig saamgevat in die titel - *Dolosse*.

Hoewel verlossing die hoofklem dra in Opperman se vroeëre bundels, is die skeppingsmotief tog ook reeds daarin aanwesig. Dit is die tema van *Kontrak (HEILIGE BEESTE)*, waarin die skeppingsdaad van God teenoor die herskeppende aktiwiteit van die „arbeiders” gestel word. Die koeplet openbaar twee belangrike aspekte van die skeppende daad van God:

*U het die wêrelд oopgeskiet
tot grot en gramadoela.*

Volgens „oopgeskiet” is dit kragtig, oombliklik, en as in aanmerking geneem word dat die wêrelд daardeur oopgemaak word, kry hierdie daad die effek van eenmaligheid en finaliteit. Die krag waarmee dit plaasvind, blyk verder uit „dinamiet” en, gesien teen die agtergrond van die implikasie van hierdie daad vir die arbeiders, is Sy skepping ook dinamies. Die woord „droom” suggereer dat die skeppingsdaad die resultaat is van dinamiese en idealiserende denke maar dui ook op die gemak waarmee die Skepper die wêrelд „oopskiet”. Hiermee vorm die nederigheid en geringe aard van die werk van die „arbeiders”, soos blyk uit woorde soos „gestuur”, „nederig werk”, „mier”, „stokkies”, „beitelpunt” en „besonderhede” 'n skerp teenstelling. Teenoor die „droom met dinamiet” van die Skepper word aan die arbeiders „die besonderhede en verdriet” gelaat. „Verdriet” word duidelik deur die rym en die posisie aan die einde van die gedig gekontrasteer met „oopgeskiet” en „dinamiet”, sodat God se skeppingsdaad innerlik en uiterlik gekontrasteer word met die daad van ordening van die arbeiders. Dit kan ook kwalik toevallig wees

dat *Kontrak* 'n gedig soos *Sarkofaag* voorafgaan, waarin die mens in die stadsmilieu besig is om die aardkors met sy eie moeitevolle arbeid na sy eie wil te verander.

Uit dieselfde bundel bied *Vincent van Gogh* 'n besinning op die mens as skepper. Ten spyte daarvan dat die skilder skep met moeite en drif, deur die digter 'n „koorsige gevlek” genoem, is sy werk tog 'n voortsetting van die skeppende daad van God, in soverre „Sy hartstog” in hom volbring word:

... toe jy...
... alles met koorsige gevlek
tot branding van die skone kon verwek,
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sypresse tot 'n vlam verwring.

Uit die oogpunt van die kunsskepping is dit belangrik dat in hierdie verwekkingsdaad van die skilder die dinge van die natuur „tot branding van die skone” word, dat die „groen sypresse”, nl. die natuurgebonde ding, verander („verwring”) word tot „vlam”, die suwer on-natuurlike. Deur middel van 'n suiwerende verandering van die natuur bring die skepper-mens dus 'n nuwe wêreld, die vlam van die skone tot stand.

Hierdie skeppingsmotief tree in DOLOSSE nie net sterk op die voorgrond nie maar word ook breër uitgewerk en meer spesifiek op die kuns betrek as in die vorige bundels. Weer word die skeppingsdaad van God gekenmerk deur 'n klein gebaar met kosmiese gevolge. Sy skeppingsdaad is hier net so dinamies as in *Kontrak* in soverre hy gesien word as „Skepper van skeppers” wat

as Oerkrag met net die vinger uitgestrek
die aarde, plante, sterre, Adam... tot
die sondeval, profete uit Carrara wek
(Carrara).

Met die uitstrek van die vinger skep Hy dus nie net nie, maar omdat Hy skeppers en profete voortbring, verseker Hy dat Sy werk voortgesit word. Tussen Hom en die deur Hom geskape skepper, die Prometheus-mens, die mens as kultuurdraer, bestaan daar 'n „kontrak” waardeur die oorpronklike skepping gekontinueer word.

*Wat U as skepper skep
moet ek as mens herskep.*

Teenoor sy skeppingswerksaamheid is God ook Herskepper van die aarde, wat Sy skepping opeis soos in *Wederkoms* uitgebeeld:

*God het as magtige magneet
Sy vinger
deur 'n wolk
gesteek:
dakke en bome en mense
beur en buig krom
soos alles ontspyker, ontwortel, ontaarde
na Hom.*

Met „magtige magneet” word Sy krag hier eksplisiet omskryf en geïllustreer met die magtige reaksie wat Hy met 'n enkele vingerbeweging veroorsaak. Die eenvoud, gemak en krag waarmee die groot daad verrig word, is dieselfde as wat in *Kontrak* uitgebeeld word.

Die skeppingsdaad van God het ook in hierdie poësie 'n besliste finaliteit. Dit impliseer dat alle verdere skeppende aktiwiteit of funksies wat daaraan verwant is, daarvan moet verskil of 'n uitvloeisel of voortsetting daarvan moet wees.

Nou verwant aan skepping is die funksie van onderhouer en bewaarder wat die aarde in hierdie bundel vervul. Die aarde word die duidelikste in *Mammae* gesien as sogende oermoeder of onderhouer, wat

*visse en meeue,
diere en mense, alle soorte
in wel- of wangeboorte,
die ganse skepping met sterk arms
vasvat en soog.*

Volgens die woord „soog”, die titel en die prominente plek wat die verwysing na die titel in die gedig inneem, is hier slegs sprake van die oermoeder as onderhouer en nie as verwekker nie; sy *voed* slegs die wel- of wangeboorte.

Dat die „moeder” „kaal” is, hou in dat 'n gedeelte van haar liggaam wat gewoonlik bedek is, met die getywisseling ontbloot is. Dit skakel die moontlikheid uit dat net die see as moeder gesien word - die hele aarde is „moeder”, en hiervan is die see slegs 'n deel.

Hierdie siening van die aarde dra by tot sterk ironie in *Dennebol*: die onderhouer van lewe dra by tot die ondergang van die hoogste vorm daarvan. Hierin het die ironiese uitbeelding van die spuitende, brandende

massa as „platkopdenneboom” en al sy attribute sy oorsprong. Om te beweer dat die aarde skepper is van die lawa-as en brandende klip, kan nie steek hou nie, want die dinge bestaan, is deel van die aarde. Met „Sodoma Gomora” in die elfde stansa en „apokaliptiese uur” digby die slot word ’n rede vir die verwoesting en dus ’n hoër Mag daaragter geïmpliseer. Die aarde dien dus volgens die digter as instrument tot vernietiging. Hier is duidelik ’n verwysing na ’n „Verwekker” van die verwoestende klip en as.

Nie net die dierelewé word tot in sy eenvoudigste vorm (erdwurms in *Fabel*) onderhou nie, maar ook die plante (*Mukene*); trouens, lewe word voortsettend voortgebring en onderhou deur middel van selfs die grusame wat aan die aarde toevertrou is, en deel daarvan geword het. So kan uit en deur middel van die aarde die skone uit die grusame,

’n koppie rooi papawers
uit huisende kadawers

voortkom. Hierdie idee van skoonheid uit die oorblyfsel is reeds bekend uit die vroeëre poësie, en direk uit *Vuurvlieg* (BLOM EN BAAIERD) waar die digter praat van die bloei . . . (van) . . . kappertjies op ’n ashoop.

Die klem val egter ook soms op die ander aspek van hierdie ontwaak/herontwaak uit die aarde, nl. dat die aarde bewaker is van reste. Die dollose in *Gedagtes by ’n sarkofaag* word deur „’n swangerskap van vyf-en-twintig eue” bewaar nadat die mens dit aan die aarde toevertrou het. As hiermee dus ’n ander aspek van die aarde se ‚moederskap’ beklemtoon word, tree die mens op as verwekker en later ontdekker van die ‚boorling’ en word ironies uit die onderhouer van lewe die dooie te voorskyn gehaal. Dié bewarende funksie het die aarde ook in *Mukene* en die Kriekeput in *Vloervelletjie*. Dit bewaar die gestolde lewe in *Dennebol* en die onontwaakte lewe in die klip in *Carrara*. Soos die mens in *Carrara* moet onthul of opwek, doen God dit in *Hotnot: God*. Wat deur die aarde bewaar is, word in die opstanding versamel deur die vier engele (boodskappers van God) se basuingeskal „oor die wêreld se kruine”. Een van die duidelikste aanduidings van die bewarende funksie van die aarde vind ons egter in die woord „ontaarde” in *Wederkoms*. God maak dus met Sy wederkoms alles los van die aarde waaraan dit behoort het en waarvan dit deel was, en openbaar dit in die Apokalips. As bewaarder en as onderhouer van lewe is die aarde nie aktief nie, soos die kousatif „soog” (*Mammae*) en die groeiproses van die papawers (*Mukene*) aandui. Daarteenoor is die twee skeppers, primêr God en sekondêr die mens, die aktiewe persone in die proses van skepping en herskepping.

In die bundel gaan dit egter om die mens. In sy wese is hy 'n herskelper, wat iets van die skeppende mag van God in hom omdra en soos Prometheus in die Aeschylus-tragedie die vuur van die gode besit. Hy is bewus van 'n roeping, 'n opdrag buite homself en erken iets meer as die eie instink. Vir hom is daar nie net 'n „wil” nie, maar is sy deel van die „kontrak” vir hom 'n „moet”:

*Wat u as skepper skep
moet ek as mens herskep*
(Prometheus)

Die mens as „vuurbees” wat iets van die goddelike („vuur”) en iets van die dierlike („bees”) in hom omdra, is getrou aan „drif én droom”, sodat uit hierdie hibridiese wese die skone en die bose voortkom:

*die buffel van die metafisika:
die vuurbees in homself
volg, buig of bars,
enduit sy drif en drome na,
en prikkels van die brein
word piramides, Laaste Avondmaal,
wiel, chroom,
projektiele, produkte van atoom,
et cetera.*

(Vuurbees)

Met sy rede skep die mens dus op 'n dinamiese wyse, soortgelyk aan die skeppingswerk van God. „Prikkels van die brein”, d.w.s. die denke, neem gestalte aan. Belangrik is dat die denke of besinning by die menslike skeppingsdaad genoem word, terwyl dit by dié van God verswyg word - 'n aanduiding van die uitnemendheid van die Besluit van God bo die „wik” van die mens. Dieselfde gedagte en ook die konsekwentheid van die menslike strewe, by name die skeppingstrewe, kan gelees word daarin dat hy, „buig of bars,/enduit sy drif en drome” navolg. Die beeld wat hier gebruik word as simbole vir die mens se tegniese en kunsprestasies is basies paradoksaal. Piramides is argitektoniese kunswerke en bewaar gestorwe, gebalsemde adellikes en dus beskawings. Met hierdie beeld word dus meer gesuggereer as die menslike sterflikheid, wat die rede is vir die oprigting daarvan; dit is ook aanduiding van die mens se drang na en droom van onsterflikheid deur middel van die tegniek (van balseming), maar hier veral ook deur middel van die boukuns, wat resultaat is van skeppende ontwerp. Met „Laaste Avondmaal” bedien die digter hom

van 'n sinryke beeld. Die toneel is deur baie kunstenaars uitgebeeld, maar die belangrikste „Laaste Avondmaal” is dié van Leonardo da Vinci, iemand wat, behalwe sy kunstenaarstalent, ook verbysterende genialiteit in die ontwerp-kuns geopenbaar het met ontwerpe wat lank na sy dood dankbaar gebruik is en hom onsterflik gemaak het. Hierdie assosiasie wat die beeld oproep, skakel goed met, en laat dit dus goed pas by die tegniese simbole wat hier aanwesig is en dui op die onsterflikheid van die mens deur die voortbring van die kuns. Die Laaste Avondmaal-toneel spieël egter ook sterflikheid en hoop op onsterflikheid. Dit speel af kort voor Christus se kruisigung, dus in die atmosfeer van die dood, maar die nuttiging van die maal simboliseer juis die deel wat die gelowige het aan die oorwinning van Christus oor die dood. „Wiel” en „chroom” is simbole van die mens se tegniese skeppinge, terwyl „projektiele, produkte van atoom” die vernietigende mag van die mens suggereer.

Waar God allesinsluitend skep, sodat Sy skepping aaneenskakelend genoem word as „die aarde, planete, sterre, Adam” (*Carrara*), herskep die mens stuksgewys, soos dit ook gesuggereer word in die sporadiese opnoem van skeppingsimbole in *Vuurbees*. Teenoor God se skepping, wat selfs volgens die mens net soms misluk (*Prometheus*), erken die her-skeppermens dat hy „per ongeluk 'n misgewas” voortgebring het, en kleef aan sy skeppende werk waarin hy na onsterflikheid streef, steeds die verganklike.

Die mens kan en moet die skepping liggaamlik voortsit, maar ook dit is onderhewig aan mislukking, soos *Gedagtes by 'n sarkofaag* aantoon. Die vrugbaarheidsmotief in dié bundel gaan ook telkens gepaard met vergeefsheid, verganklikheid of dood. Hiervan getuig die situasie van die dooie bul (natuurwese met moontlikheid van en drang na voortplanting, soos gesuggereer in sy verlange na die „heupe van (sy) kudde”), wat deur die onvrugbare muile weggesleep word in *By die dood van Roy Campbell*; die vergeefsheid van menslike kommunikerende aksies in *Seevelde van bamboes* en *Wensbeentjie*; die versteende falli en ewig ongebaarde kind van die swanger vrou in *Dennebol*; die gedrog/monster wat uit die huwelik tussen die uil en Pallas Athena gebore is; die uil uit die vrou in *Pandora* en die verwording van homo sapiens tot uibal in *Hermes*. Die voorreg van die liggaamlike voortsetting van die skepping word misbruik, sodat die keur van die samelewing wat orde moet handhaaf, „die keur van die sersante” in *Vloervelletjie*, hulle vergryp aan „die heuning in die donker spleet”. Dieselfde gebeur met die „artse, sendelinge,/welsynswerkers/ en geleerde katers”, met noodlottige gevolge. Dit is nie net in die moderne tyd die geval nie. Ook in die tyd van Pompeji (67 n.C.) is

„die roekeloze kulti van die kloot en die skoot” (*Dennebol*) rede vir die ondergang van dié „Sodoma, Gomora”, net soos in die geval van die Bybelse stede waarna hierdie beeld op sy beurt verwys. Dié skeppende mag is egter ook tevergeefs weens die misbruik van die wetenskap, sodat een van die duidelikste beelde van die moderne tyd in die bundel dié van vroue is met kinders wat voorgeboortelik reeds as gevolg van radium-bestraling gedoem is tot verminking (*Swembad by 'n kraaminrigting vir radiumgevalle*). Tog skep die mens as religieuse wese ook gode, soos in *Vuurbees* aangedui word. Waar die skeppende God lewe wek en in sy herskepping versamel (Vgl. *Wederkoms*), werk die mens as herskepper met rede en liggaam ondergang in die hand.

Die mens is egter ook geroep tot kunstenaarskap. In *Carrara* vind hierdie dwingendheid van die taak van die kunstenaar gestalte in die despotiese Julius II: „Die strop is om (Michelangelo se) strot!” Die mens moet „beswerend teen 'n muur/ van sy spelonk die buffel verf” (*Vuurbees*). Die Scriba van die Carbonari in die bundel **ENGEL UIT DIE KLIP** voel ook hierdie plig op hom rus:

*Ek moet my land, wat buite die hemele lê
deur Sy genade en Sy meegevoel
bestendig in my volk se taal en sê
wat my aangryp.*

In **NEGESTER OOR NINEVE** spreek dit uit die belydenis in *Digter*:

*Ek is gevang
en met die stryd
êrens in die ewigheid
op 'n Ceylon verban.*

Die enigste middel tot ontsnapping uit sy eensame ballingskap is vir hom die

*klein stellasies vers
wat groei tot boeg en mas
en takelwerk -*

Opperman sien dus reeds vroeg in sy poësie die kunstenaar, by name die digter, as gevangene wat moet ontsnap, soos Eybers in **BALANS** die opgesluite digter die woord as instrument tot ontsnapping laat gebruik:

*Met woorde, met geslepe woorde kap
hy 'n klein tonnel om weer te ontsnap* (Digter).

Die plig tot en die noodsaaklikheid van skepping staan nie net in verband met die kunstenaar self nie; dit word ook geprojekteer op die stof wat roep „om verlossing”. Soos die Scriba van die Carbonari deur dinge aangegryp word en hy 'n plig voel teenoor sy land om dit te bestendig, so weet Michelangelo:

*hoog in die berg se nok
hang daar 'n vlermuis wat hom moet loshaak,
in draaiings van die digste marmerblokke
moet 'n ram se horings uit die klip ontsnap* (Carrara).

Die aansporing tot kunsskepping kom dus uit die werklikheid, sodat die doel van die kunsskepping nie net die bevryding van die kunstenaar beteken nie maar ook verlossing van die skone uit die ruwe. Die beproeing wat die kunstenaar moet verduur gedurende die skeppingsaktiwiteit, word hier sterk beklemtoon, soos blyk uit die volgende belydenis van Michelangelo uit die dramatiese monoloog waarin sy skilderwerk aan die Sikstynse kapel uitgebeeld word:

*Ek boggel van die lank buig in hierdie plek,
word gek van Rome wat my tyd verbeier,
van lui handlangers onder in gesprek
en die gewriemel om die Pous van vleiers.*

Die bundel bring ook besinning op die wese van die kuns. By die fonteine van Tivoli prikkel die waarneming van natuur en kuns in sipesse en „vorms van waterskulptuur” die denke van die digter en bevraagteken hy die teorie van Aristoteles: „Kuns is nabootsing van natuur?” Hier verwys hy na die grondslag van Aristoteles se kunsbeskouing: „Imitation is natural to man”, en „Epic poetry and . . . dithyrambic poetry . . . are all, viewed as a whole, modes of imitation.” (ARISTOTLE ON THE ART OF POETRY.) Alhoewel dié wysgeer erken dat slegs die waarskynlike en die nodige ten aansien van die lewe van die mens of uit die werklikheid „nageboots” word, bly die basiese opvatting dat kuns nabootsing is. In die tweede strofe erken die digter 'n mate van eendersheid tussen natuur en kuns, maar in hierdie beeldsgewyse transmutasie van kuns terug na die natuur is die denke werksaam, en word 'n beeld uit die waarnemingsmilieu ter illustrasie gebruik: „die waters (van die kunstuin) sproei

tot pluimstele”. Tussen die sproeiende waters en die ooreenstemmende natuurbeeld van die pluimstele is daar reeds, behalwe die ooreenkoms in vorm, 'n wesenlike verskil. Die daaropvolgende retoriiese vraag suggereer dat „die pype van die waterorrel” meer is as „die vleiloerie se bottelkeel”, kuns meer as natuur, en dit word terstond geïllustreer in die klankspel en suggestiemetode van die woordkuns:

*maar is die pype van die waterorrel
die vleiloerie se bottelkeel
wat borrelende klanke gorrel?*

Dan troef hy Aristoteles in 'n laaste retoriiese vraag deur in die derde strofe skepping van die menslike fantasie, naamlik mitologiese en legendariese figure wat nie in die natuur bestaan nie, as voorbeeld te noem. Najade en saters is dus nie natuurdinge nie, maar wel kunsskeppinge. Hier in die middelpunt van die gedig, nadat die Aristoteles-teorie omvergewerp is, maak Opperman sy eie stelling op vertroulik-speelse toon:

*Nee, Arie, die tuit en drif bepaal
hoedat die waters eiesoortig druppel!*

Op grond van helderheid en deursigtigheid word water hier beeld van waarheid en skoonheid, en word die gedruppel van water die wyse waarop die skoonheid/waarheid in die kuns gestalte vind. Hierdie kunsuiting is telkens „eiesoortig”, telkens anders na gelang van die tuit (vorm) en drif (inspirasie, ontroering) waardeur dit ontstaan. Die moontlikhede van eiesoortige kunsuitinge is dus afhanklik van die verskillende variasies in die kombinasie tuit/drif of vorm/natuur. Daar word nêrens aan die natuurstandpunt toegegee nie; dit word eerder kragtig weerlê. Dat hierdie kunsskeppinge in die tuin 'n „bloemlesing” is, hou onteenseiglik in dat hier 'n verteenwoordigende keur uit 'n groter versameling aangetref word. Dit kan 'n „bloemlesing” wees uit natuur- of werklikheidsdinge, waardeur die feit dat die kunstenaar uit die werklikheid/natuur selekteer, aangedui word en die bewering dat kuns nabootsing is, verder weerlê word. „Bloemlesing” kan ook met dieselfde effek slaan op die „skynbaar nuwe skeppinge” wat „om elke draai” aangetref word. Die natuurverskeidenheid wat uit die verskillende skeppinge blyk, is dus vir die kuns slegs 'n skynbare. Al sou daar verskeidenheid, wisseling, wees wat die natuurlike skoonheid betref, word hierdie natuurgegewe (waters) deur die kunsform in die „kunstuin” beperk en gepers in vorms wat „min of meer konstant” is - daar is dus nog subtiele verskeidenheid. Die digter erken duidelik dat

hierdie verskeidenheid in lyn lê met, en waarskynlik voorkom uit die natuurverskeidenheid (wisselende waters); vandaar dat beweer kan word dat die rym van kultuurwoord op natuurwoord (storms/vorms) in die laaste strofe 'n soort versoening meebring. Dit is egter net 'n erkenning van die gesamentlike aandeel van „tuit en drif” in die skeppingsproses, waarin die vorm die natuur tem „ten spyte van die druk en storms”. Hiermee word die mag van die vorms bo die storms erken, maar dit impliseer nie net die beperktheid van die spel nie; dit sluit ook die bloemleesingbegrip in. Die kuns is dus saampersende skepping van skoonheid uit die werklikheid.

Dat skoonheid/kuns voortkom uit 'n spanning of stryd tussen natuur en vorm of kultuur, blyk ook uit die rituele ondergang van die bul in die ingewikkeld beskawingspel van die stiergeveg. Sy ondergang word 'n segetog omdat daardeur bevryding en onsterflikheid meegebring en die orde gedien word:

*... onder die lui van klokkies aan die tuie
word ek deur muile uitgesleep.*

Met die manipulasie van die natuur deur die orde word dus skoonheid voortgebring.

Dit is omdat die toeris in *Dennebol* hierdie herordenende funksie van die vorm en dus stilering en aksentuering in die kuns buite rekening laat, dat hy sy vader se skildery van die mynontploffing as gesog beskou. Vir hom lyk dit oordrewe gestileerd:

*'n Steenkoolmyn ontploff, die mense vlug, die bol
swart as en vlam wat dit die lug instrooi,
is 'n fontein of 'n verkoolde kiepersol!*

Met sy besoek aan die toneel van die verwoeste Pompeji en uit die beskrywing van Plinius ervaar hy die hele werklikheid en menslike belewenis wat in verband met 'n soortgelyke gebeure staan. Diep onder die indruk van die ontsetting van die Vesuvius-uitbarsting as parallel van die steenkoolmynontploffing kom hy, in teenstelling met die Aristoteles-kunsbeskouing, tot die besef van die waarskuwende funksie van die kunstenaar-profeet. Sy bewustheid van die waarde van stilering as uitdrukkingsmiddel blyk uit die aksentuering van die seun wat „ewig oefen om 'n beuel te blaas”. Dit suggereer 'n waarskuwing teen die dreigende gevolg van 'n atoombomontploffing, waarvan daar in die volgende strofe sprake is. Die

kunstenaar is dus ook profeet, en dié taak moet hy vervul selfs al moet hy van oordrywing gebruik maak. Daarom erken Opperman:

*Ek gee hom wat rus nou in die doderyk
volkome wat die kiepersol betref, gelyk.*

In sy kunstbeskouing vind die digter sterk aansluiting by Michelangelo; daarom is laasgenoemde se veragting van die skilderkuns vir hom funksioneel en word dit uitgangspunt van 'n groot gedig soos *Carrara*:

Verdedig hierdie dooie skilderye in my naam.

Wat die beeldhoukuns vir Michelangelo is, dit is die kuns vir Opperman: skepping.

En hiermee is die kern van die skeppingsfaset van die dolos soos dit in die bundel tot uiting kom, saamgevat: Ten spye van die verganklikheid van die mens en die ondergang wat meegebring word deur sy fisiese en suwer intellektuele voortsetting van die Skepping van God, is hy tog skepper in sy beheersing van die werklikheid met die kunsvorm, want kuns is meer as nabootsing van natuur.

U. M. Gerryts

DAAR IS NOG EEN WAT SING

As die lug so grys word
en die veld so vaal,
die water koud soos ys word
en die wind so skraal,
die diere se hare kroes word,
die voëls nie meer wil fluit,
die rante bruin soos roes word,
die water in die spruit
in poele vasgekeer lê
onder verdooidie slyk,
die borne hul blare neerlê
en soos geraamtes lyk -
dan word ek self 'n kroesding
met my stem verstom
en dwaal ek met my dorte
die skimmel dae om.

Toe, op 'n onverwagte
oomblik, bly ek staan,
as skielik 'n ligte blinker
van blyheid deur my gaan:

Daar is nog een veldvoëltjie
wat nie opgehou het sing,
nog een klein sterfelinke
wat die glinstering
van die sterrenagte
in haar borsie dra
en nog nooit gedagte

gekry het om te vra
waar dat die somer heen is
of waarom die wilgers
se takke so blaarloos hang.

O jy musikantjie
wat, as alles geel
is, soos 'n komediantjie
mal liedjies nog kan speel,

kom wys vir my
daardie grys grassprietjies
waarop dit gekomponeer is:
jou vrolike winterliedjies.

K L E I N G E B E D

As dit u behaag, o Heer,
laat my nog tot môre bly.
Ek het maar gister hier gekom -
en U was goed vandag vir my.

A. Boerop

G R O O T - W O R D

Ek wil die grou-holder wete
wegdwing
En in jou warm liggaam
rus.
Ek wil krimp en toevou in tevrede
onwetenheid.

Ek wou berus.
Ek wou suwer-bly wees
soos 'n kind.

maar tog word die stilte
in my al hoe verskrikliker.
Jou oë verdof
in baie myle
wat tussen ons
ooprol.

Frans Pointl

KINDERDRIET

Het kind was binnen de ramen
een volle dag
bevroren verfkorrels
vielen wezenloos van een grauw palet
toen de dag gerimpeld werd
kwam het kind buiten
en huilde
omdat er geen sneeuw meer lag.

de mensen zeiden
„de wonderen zijn de wereld uit”

zijn berekening
veranderde in een piano
dat is geen kunst meer zeiden de mensen
en zijn gedicht
werd een bouquet

en de mensen namen het niet langer
dat is geen kunst meer
schreeuwden zij ontzet

en zij bonden hem vast
en wilden hem doormidden zagen
maar hij bloedde niet
en viel niet flauw
hij keek ze aan gewoon aan
en hoe ze ook zaagden
ze kwamen er niet doorheen

dat is geen mens meer
zeiden de chirurgen
en gingen confereren
hoe ze hem dood zouden kunnen krijgen

hij was bedroefd over zoveel onbegrip
en daaraan ging hij dood

ze legden hem in zijn piano
zijn bouquet daar bovenop

het is al twintig jaar geleden
maar zeggen de mensen nu
hij was geen mens
hij was een wonder
hij wist dat zijn berekening
een doodkist zou worden
en zijn gedicht
een doodsboeket.

amsterdam

mijn kamer
toen ik zwierf en in mijn paspoort
moest kijken wie ik was

amsterdam

jij had altijd wel een bed
wel een brood
wel een mens
die mijn silhouet knipte
uit het dode papier

amsterdam

jij had altijd wel een eend
waarop de zon scheen
waardoor de kleuren zeiden:
dit is er nog
en narcissen in je perken

staken hun gele koppen bijeen
om zacht ja te ademen
ja blijf ja lach

daar was je amstel
die zei
kom
huil de stad uit met mij
tot waar ik rustig kabbelend
en stil met je babbelend
zal zeggen waarom je moet blijven.

R. van Tonder

M Y N R A M P

hulle staan stil
gretig vir nuus

maer, bleek hande
ontdek die plat liggaam
van 'n verkreukelde sakdoek

'n ander wonder
wat sy haar man laas
toegesnou het

'n seuntjie wens:
sy pa moet terugkom
vanaand gaan hulle nog
die vliegtuig se vlerk heelmaak

die waguur
word nooit korter nie

ONGEMANIERDE HUURDERS

met 'n goue ketting
klim ek
na die maan
halfpad rus ek eers
toe ek afkyk
sien ek
klein
mense
wat 'n geleende wêrld
verniel

K A M E R A D E

die dag is moeg
soos ek
en lê en roggel langs die pad
almal jaag verby

bewerig lek ons eers
mekaar se wonde
en strompel dan
gelate voort

S L U I P M O O R D

die hand
met die mes
sny fyn
en skoon
uitgelate
ontsnap die bloed

S K Y F I E S

Weens ernstige siekte kon Ou Grietjie bg.
rubriek nie behartig nie. Sy skryf:
„Ou Grietjie is siek - so 'n bietjie.”
Tydskrif wens haar 'n spoedige herstel
toe. - Red.

F. I. Durand

'N N A A M

Soms
as die wind
die takke om my pluk
en weerligstrale
my orente vere
verlig
dan is daar op my tong
'n Naam
vir groot verwoesting

F O U R I E ' S D O O D *

Wie wil hooren een nieuw lied
Hoe Jopie Fourie 't leven liet?

Hij lag en sliep al in den tronk,
't Was onschuld die hem vrede schonk.

„Word wakker, Fourie, slaaps genoeg
Gij hebt te sterven morgen vroeg.”

„Heb ik te sterven? 'k Ben bereid,
Hij vreest niet die onschuldig lijdt.

Mijn schuld is dat ik bleef verknocht
Aan dat waarvoor ik immer vocht:

*Dr. G.A. Obermeyer deel i.v.m. die onderstaande gedig mee dat haar moeder dit 'n dag of wat na Jopie Fourie se dood by 'n vriend gekry en 'n afskrif gemaak het. Sy weet nie wie die digter is nie. Is daar lesers wat kan help? - Red.

De liefde voor mijn volk en land,
En stervend doe ik die gestand.”

De baljuw kwam. De celman glom
Van 't eerste licht. „Uw tijd is om.”

„O God, mij is het wel te moe
Zo Gij mij helpt ten einde toe.”

Toen trad hij moedig uit den tronk,
Sterk in de kracht die God hem schonk.

En sprak zijn jongste bede: „Richt
De kogel niet op mijn gezicht,

Mijn Afrikaner hart is groot,
Daar is plek te over voor uw lood”.

Een blinddoek hulde de oogen hem.
Hij zat en zong met vaste stem:

„Als wij de doodsvallei betreën
Laat ons elk' aardsche vriend alleen.

Maar Hij, de beste vriend in nood
Verzelt ons over graf en dood”.

Hij zong, hij sweeg. Het doodschat viel
Hij stierf een Held. God heb' zijn ziel.

